

**`n Vergelykende Studie van die Groetroetines
Tussen Afrikaans- en Isizulumoedertaal-
Sprekendes.**

Deur Mkhanyiseni Hezekia Ndlangamandla

**`n Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die
vereistes vir `n MA-graad in die Skool vir Taal, Kultuur
en Kommunikasie aan die Universiteit van KwaZulu-Natal,
Pietermaritzburg**

Studieleier :Prof. D.Z. van der Berg
Mede-studieleier :Prof. A. Koopman

November 2004

Inhoudsopgawe

Hoofstuk Een

1	Die gemeenskap se historiese agtergrond	1
1.1	Inleiding	1
1.1.1	Rassisme	2
1.1.2	Apartheid	3
1.1.3	Etnisiteit	5
1.2	Waarom Isizulu- en Afrikaans-moedertaalsprekers as proefpersone gekies is	9

Hoofstuk Twee

2	Teorie en Metodologie	10
2.1	Inleiding tot die teorieë	10
2.2	Die Teorieë	10
2.2.1	Die Spraakhandelingsteorie en Kommunikatiewe Benadering.	11
2.2.2	Die Relatiewiteitsteorie	13
2.2.3	Die Bulge-Teorie	14
2.3	Die Metodologieë	14
2.3.1	Die Etnografiese Metodologie	14
2.3.2	Waarneming	15
2.3.3	Diskoersinvultoets	15
2.3.3.1	Geslote Vrae	16
2.3.3.2	Nie-Geslote Vrae	18
2.4	Wat Groet is	19
2.4.1	Beskikbaarheid	20
2.4.2	Verhoudingsbevestiging en instandhouding	20
2.4.3	Status of Posisie	20
2.5	Hipotese	21

Hoofstuk Drie

3.	Data-analise	22
3.1	Groethandelinge (groetwoorde)	22
3.2	Ukukhulekela/ukukhuleka	22
3.2.1	Verwelkoming	25
3.2.2	Die kinetiese aspekte	25
3.2.2.1	Postuur	25
3.2.2.2	Handskud	26
3.2.2.3	Oogkontak	28
3.3	Ukukhuzela	28
3.4	Wie groet eerste?	29
3.4.1	Op pad	29
3.4.2	By die huis	30
3.5	Analise van Isizulu-groetroetines	31
3.5.1	Sanibona	31
3.5.2	Sanibona + noemnaam	33
3.5.3	Sanibona + ampstitel	33

3.5.4	Kunjani	34
3.5.5	Sawubona	36
3.5.6	Heita	36
3.5.7	Haai	37
3.5.8	Hoesit	37
3.5.9	Hallo	37
3.5.10	Ninjani/ kunjani	38
3.6.	Afrikaanse groetroetine-analise	38
3.6.1	Môre	39
3.6.2	Gociemôre + Titel	40
3.6.3	Môre + noemnaam	40
3.6.4	Môre + ampstitel	41
3.6.5	Môre by jeugdiges	42
3.6.6	Gociemôre	42
3.6.7	Haai	42
3.6.8	Hallo	43
3.6.9	Hoesit	43
3.6.10	Hoe gaan dit?	44
3.7	Data-insamelingsprobleme	45
3.8	Nie-verbale groetroetines	47
3.8.1	Soen	47
3.8.2	Omhelsing	48
3.8.3	Handskud	49

Hoofstuk Vier

4.	Samevatting	50
4.1	Groetpatrone	50
4.1.1	Intrataalgemeenskaplike-verskille	50
4.1.2	Intertaalgemeenskaplike-verskille	52
4.1.3	Groetpatrone en formaliteit, respek en hofflikheid	52
4.1.4	Groetpatrone en identiteit	53
4.2.	Stereotipering	54
4.3	Spraakhandelingsteorieë	55
4.4	Die ooreenkomste	56
4.5	Die verskille	57
4.6	Data-insameling	58
4.7	Die T2-onderrigimplikasies	59
4.8	Die slot	60
4.8.1	Die handboek en taalleer	60
4.8.2	Blootstelling teenoor formele T2-aanleer	61

HOOFSTUK EEN

1. Die gemeenskap se historiese agtergrond

1.1. Inleiding

Suid-Afrika, soos baie ander lande, bestaan uit baie verskillende gemeenskappe. 'n Gemeenskap is 'n groep mense wat, onder andere, een plek en kultuur deel. Volgens Ulrych [1992:71] is kultuur

“the total signifying systems through which a specific group retains its solidarity (its values and interaction with the world). These signifying systems include all art, different social activities and behavioural patterns as well as methods through which the community keeps up its memories and feeling of identity (myths, history, legal system, religious convictions, etc.).

Elke gemeenskap het dinge wat hom uniek maak soos kultuur, taal, godsdiens en ander aspekte. Die kultuur en kulturele waardes word van een geslag van 'n besondere gemeenskap na die ander oorgedra. Taal speel 'n sentrale rol in die oordrag van kultuur en waardes wat met 'n gegewe gemeenskap geassosieer word. Taal is dus 'n belangrike werktuig waarmee kultuur en waardes van een geslag na die ander oorgedra word. Taal is gevolglik 'n sleutel tot elke gemeenskap se uniekheid.

In Suid-Afrika is daar nie net baie verskillende taalgroepe nie. Daar is ook verskillende rasse. Die gemeenskappe met verskillende tale leef langs mekaar en ook onder mekaar. Dit maak die hele land Suid-Afrika uniek. Wat Suid-Afrika verder uniek maak, is haar onlangse verlede, die einde van die twintigste eeu. In die tydperk waarna ek verwys, het ras 'n groot rol gespeel om die kultuurtoestande van gemeenskappe te bepaal. Die gemeenskappe van Suid-Afrika het groot klem op ras gelê. Hulle het die verskille tussen die verskillende rasse beklemtoon en dit het sosiale grense tussen die rasse gemaak. Hierdie grense was veral polities van aard. Die grense het kontak tussen die gemeenskappe totaal ontmoontlik gemaak. Dit self het tot onkunde oor mekaar se lewenswyses en kulture gelei. Hierdie onkunde het verder tot misverstand en teensinnigheid teenoor mekaar gelei. Dit het die lewe tussen die mense van die verskillende

rasse bitter gemaak, onder andere omdat hulle mekaar se leefwyse nie mooi kon verstaan nie.

Die grense waarvan ek hierbo praat, het nie op hulle eie ontstaan nie. Sekere menslike faktore het hierdie grense veroorsaak. Hieronder sal gepoog word om daardie menslike faktore te meld en hulle te bespreek. Hierdie faktore hou sterk verband met die onderwerp wat ondersoek word, want dit het die huidige gemeenskaplike situasie bepaal. Die faktore wat hieronder bespreek sal word, is rassisme, apartheid en etnisiteit.

1.1.1. Rassisme

Volgens Robertson in The World Book Encyclopedia[1992:404] het rassistiese leerstellings vir 'n lang tyd in die hele wêreld bestaan. Die mense het gedink en gevoel dat rassisme 'n onafskeibare deel van die lewe, en goed was. Suid-Afrika is dan nie die enigste land waar rassisme beoefen is nie. Die wyse waarop Suid-Afrika van die ander lande verskil het, is die feit dat rassisme in hierdie land formeel wetlik was. Dit is formeel in verskillende wette vasgelê. Daar is teen mense op grond van hulle rasse gediskrimineer.

Die tyd het aangebreek, nie net in Suid-Afrika nie, maar oor die hele wêreld, toe mense begin voel het dat die historiese diskriminasie onaanvaarbaar en verkeerd was. Hierdie gevoel het gedurende die 2de helfte van die 20ste eeu begin om onder die mensdom die oorheersende denkwysse te word. The World Book Encyclopedia [1992] haal Robertson aan waar hy sê mense het gevoel dat:

“racism was inherently wrong and scientifically absurd as there was no reliable scientific evidence at all for any form of inherent inferiority of any racial group.”

Hierdie gevoel het die siening van die mense ten opsigte van ras laat verander.

Daar is vier prominente rasse in Suid-Afrika. Hulle is die Swartes, die Blankes, die Indiërs en die Kleurlinge. Die woord “kleurling” word hier in 'n wetlike sin gebruik. Dit verwys na die mense wat nóg as Swart nóg as Blank geklassifiseer is. Hierdie diskriminasie het uit baie verskillende stelsels van

wettige ongelykhede bestaan. Die ongelykhede waarna ek hier verwys, is ongelykhede soos :-

- [a] ongelyke opvoedingsgeleenthede
- [b] die reg om te stem, wat die swartes nie geniet het nie
- [c] die pasboeke wat die Swartes altyd en orals moes dra
- [d] Die Groepsgebiedewet. Swartes is tot sekere plekke ingeperk en daar vasgekeer. Hulle het geen reg gehad om in die sogenoemde Blankegebied te wees nie.

Daar was baie ander ongelykhede. Die vernaamste ongelykheid wat ek hier moet meld is die een wat as gevolg van die Groepsgebiedewette van die jare 1913 en 1936 tot stand gekom het. Volgens hierdie Wette het die Swartes slegs min of meer 13% van die grond in Suid-Afrika gekry. Dat hulle in die meerderheid was, het vir die Regering van die dag geen saak gemaak nie. Aan die anderkant het die Blankes, veral diegene wat boere was, groot plase gehad. Hierdie ongelykheid en baie ander het ondraaglik geword. Sekere Swartmense, b.v. die ANC, het begin om hulleself teen daardie diskriminasie te organiseer. Die Regering van die dag het dit nie goedgekeur nie. Hulle het begin om die rassitiese diskriminasie te formaliseer en dit verder te ontwikkel. Dit het tot Apartheid ontwikkel.

1.1.2. Apartheid

Letterlik beteken die woord “apartheid” *apartness* in Engels. Volgens die Standard Encyclopedia of SA. I [1972:472], het daar rassitiese, etniese, kulturele en linguistiese diversiteit in Suid-Afrika bestaan. Elke en enige groep moes afsonderlik voortgaan. Dit moes nie deur die ander groepe geassimileer word nie. Dr W.W.M. Eiselen [in Standard Encyclopedia of SA: 1972] beweer dat assimilasië uiteindelik op 'n sekere punt tot absorbering sou lei. Daarom, “.....for each community to survive and flourish as it is entitled to, there must be separation as far as feasible,...” Hierdie siening het tot die gebruik van die term “apartheid” gelei.

Apartheid verwys na 'n sistematiese onderskeiding tussen die rassegroepe in Suid-Afrika. Die term Apartheid word deur baie akademici gedurende die

dertigerjare gebruik, dit wil sê, veral in die Nasionale Party-kringe. Dit word "...as a synonym, with a less pejorative tang, for segregation" [Standard Encyclopedia of SA I 1972: 472] gebruik. Die sogenoemde afsonderlike ontwikkeling en/of eiesoortige ontwikkeling sou die antwoord wees om die probleem van assimilasië en die daaropvolgende absorbering op te los.

In die konteks van die sosio-politiese situasie in Suid-Afrika, beteken die term "apartheid" dat die verskillende rasse nie in dieselfde plekke moes leef nie. Verskillende rasse moes apart leef. Volgens The World Book Encyclopedia [1993:380-381] was apartheid die amptelike leerstelling van die Suid-Afrikaanse Regering en die Nasionale Party tussen die jare 1948 en 1991. Dit is Hendrik Verwoerd wat apartheid energiek prakties begin toepas het. Dit was vandat hy in 1950 die Minister van Naturellesake geword het. In die jaar 1958 het hy die Eerste Minister van Suid-Afrika geword. Hy het die sogenoemde Tuislandbeleid ontwikkel. Volgens hierdie beleid moes die gemeenskappe volgens hulle etnisiteit verdeel [The World Book Encyclopedia 1993 : 380-381] . Volgens apartheid moes: -

- [a] die Zulu's in KwaZulu gaan bly.
- [b] die Ndebeles in KwaNdebele gaan bly.
- [c] die Swazis in KaNgwane gaan bly
- [d] die Tswanas in Bophuthatswana gaan bly.
- [e] die Sotho's in Qwaqwa gaan bly en
- [f] die Xhosas in Ciskei en Transkei gaan bly.

Dit was die Blankes, die Kleurlinge en die Indiërs wat die reg gehad het om in Suid-Afrika te woon. Die twee laasgenoemde het egter geen reg gehad om te stem nie. Hierdie apartheidstelsel het die sosio-politiese lewe van die mense nie verbeter nie. Dit het dit vererger. Onder sowel die Swartes as die Blankes het die mense die Regering gekritiseer. Die Regering van die dag het egter genoeg mag gehad om al die kritiek te onderdruk. Daar was egter altyd betogings teenoor die Regering en die hele apartheidstelsel. Die grootste betoging, teenoor wat die Swartes die slegte apartheidstelsel genoem het, was die een wat op 16 Junie 1976 plaasgevind het. Die Swart leerlinge het letterlik geveg teen die gedwonge gebruik van Afrikaans as onderrigmedium.

1.1.3. Etnisiteit

Die woord “etnisiteit” kom van die Griekse woord “ethnikos” wat “...belonging to a national or foreign group...” beteken [World Book Encyclopedia 1992 : 345]. `n Etniese groep is `n groep mense met spesifieke, algemene kenmerke onder sy lede. Hierdie kenmerke onderskei hulle van die ander groepe. Volgens die World Book Encyclopedia, [1992 : 345]

“ ...members have ties of ancestry, culture, language, nationality, race, religion or the combination of all these things.”

Daar is dikwels etniese groepe wat in `n land in die minderheid is. Etniese kenmerke van `n persoon [World Book Encyclopedia 1992 : 345]

“ ... may affect both the social standing and access to power.”

In Suid-Afrika, byvoorbeeld, het die Swartmense, vir baie lank, onder diskriminasie deur die Blankes gely. Etniese groepe wat hulle waardes en kulture te sterk aanhang, kan die nasionale eenheid bedreig. Die probleem van die Suid-Afrikanners, soos mense in baie ander lande, is hoe om `n sterk eenheid onder mekaar te vorm. Soos dit oor die hele wêreld gebeur, is die naburige etniese groepe afkerig en wantrouig van die ander groepe. Volgens die World Book Encyclopedia [1992 : 345],

“... some social scientists call the nation a melting pot in the sense that the different ethnic groups have joined to form a unified culture and given up their ethnic ties.”

Dit is miskien `n droom wat baie Suid-Afrikanners wou hê sodat die kwessie van meerderwaardigheid en minderwaardigheid nie meer `n probleem sou wees nie. Dit is wat die nuwe demokrasie van Suid-Afrika probeer bereik. Ander gemeenskapsnavorsers beweer dit is totaal ontmoontlik dat etniese groepe hulle besondere kenmerke ter wille van die groter gemeenskap kan prysgee. Hulle beweer hierdie groepe kan slegs langs mekaar lewe/ bestaan sonder om te vermeng. Hulle noem dit etniese pluralisme.

Binne `n gegewe gemeenskap gebeur dit dat `n gegewe etniese groep glo dat sy eie kultuur die beste en die natuurlikste kultuur is. William Graham Sumner noem dit etnosentrisme. Hy beskryf etnosentrisme as

“...the tendency to view one's own group as the centre of everything, and all others are scaled and rated with reference to it.”[World Book

Encyclopedia,1992:346].

Volgens Summer, is dit nie altyd moontlik om etnosentrisme te verhoed nie. Hy beweer verder dat etnosentrisme baie gevaarlik kan wees, aangesien dit tot vooroordeel en automatiese afkeuring van die ander groepe se kulture lei. Dit kan ook tot diskriminasie teenoor ander groepe van die groter gemeenskap lei [World Book Encyclopedia, 1992 : 346]. Dit is presies wat jare lank onder die Suid-Afrikaanse etniese groepe gebeur het. Op die laasgenoemde bladsy hierbo, beweer William Graham dat

“...exposure to other cultures may lessen such reactions, but they cannot be completely overcome”.

Die doel van hierdie navorsing is om die bevindings te gebruik om die Afrikaans- en die Isizulumoedertaalsprekers te help om mekaar se taalgedrag te verstaan en respekteer. Dit sal hulle help om mekaar te verstaan. As hulle mekaar verstaan, dan sal hulle die probleem van stereotipering onderling makliker oplos.

Die belangrikste faktor wat etnisiteit bepaal, is die taal wat 'n gegewe groepmense praat. Taalgroepe is van groot politieke belang. Die taal is die belangrikste faktor om die lewe van 'n mens as 'n individu of as 'n lid van 'n groot taalgroep te bepaal. In die nywerheidswêreld, is die mense [werkers] of die potensiële werkers gedwing om die taal van die werkgewer te praat. Die dominante politieke groep kan die mense van die land dwing om 'n sekere taal te gebruik, d. w. s. , in plaas van hulle eie moedertale. Robertson [in The World Book Encyclopedia,1992:346] beweer dat

“in the places where the people are forced to speak the language of the rulers, it is not just a practical difficulty, but a violently charged symbol of unfreedom.”

Dit is presies wat in Suid-Afrika gebeur het toe die Swartmense gedwing is, soos reeds hierbo gesê, om Afrikaans as onderrigmedium te gebruik. Robertson beweer verder dat naas klas en religie, linguistiese skeiding die vernaamste oorsaak van konflik in die moderne politiek is. Volgens Robertson is dit so,

“probably because of the way in which our thought, stock of concepts and very self-image are reflected by language and restricted by it.” [World Book Encyclopedia, 1992:346].

Die punte wat ek hierbo gemeld het, is baie belangrik. Soos in die eerste paragraaf gesê is, bestaan daar skeiding tussen die verskillende gemeenskappe van ons, nou een land, Suid-Afrika. Ek het hierdie skeiding “grense” genoem. Dit is die politiek van die land wat daardie grense bepaal het. Politiek is egter dinamies. Aangesien dit dinamies is, het dit totaal verander. Volgens die huidige politiek moet die gemeenskappe, wat voorheen apart moes leef, nou saam leef. Hulle kan nou, volgens die land se grondwet, al die fasiliteite en geriewe op ’n gelyke manier gebruik. Etnisiteit en rassisme speel nie meer so ’n wesentliche rol in die lewe van die mense van die land nie. Die mense van Suid-Afrika is nou gelukkiger. Hulle kan egter daardie gelukkigheid nog nie geniet nie. Die skade van apartheid is diep en wyd. Volgens Robertson in The World Book Encyclopedia[1992],

“it will be several decades before the accrued effects of inequalities and racial discrimination evaporates.”

Ek stem saam met Robertson. Soos reeds gesê is, het die gemeenskappe van Suid-Afrika vir ’n lang tyd apart geleef. As gevolg van daardie apartheidselewe ken hulle mekaar nog nie.

Die Suid-Afrikane gemeenskappe ly aan agterdogtigheid en wedersydse stereotipering. Apartheid se verdrukkende en onderdrukkende wette is nie meer op die land se wetboeke nie. Fisies deel die gemeenskappe een land, dit wil sê, volgens die grondwet van die land. Die saamleef tussen mekaar is dus ’n gedwonge saamleef. Ongelukkig bestaan daar wat Wolfson [1989 : 129] “the bulge” genoem het, tussen die gemeenskappe. Met die “bulge” het Wolfson na die afstand tussen óf die mense óf die gemeenskappe verwys. Hierdie teorie sal later bespreek word. Ons gemeenskappe is fisies nader aan mekaar, maar hulle is geestelik ver van mekaar af. Elke lid van die Suid-Afrikaanse gemeenskap, moet ’n poging aanwend om hierdie afstand te vernou as ons die probleme wil verminder. Die basiese rede en die doel van hierdie navorsing oor die groettoetine tussen die Afrikaans- en die Isizulu-moedertaalsprekers, is om hierdie afstand tussen ons gemeenskappe te verklein. My mening is dat die taal, enige taal, die enigste werktuig is wat ons kan gebruik om die grense tussen ons af te breek en die afstand te verklein.

Dit is veral belangrik dat die jeug, die burgers van die toekoms, betrek moet word om die verskillende groepe mekaar te laat vind. Volgens De Kadt [1992 : 60], moet die toekomstige Suid-Afrikaanse gemeenskap veeltalig wees as hulle mekaar wil vind. Sy beweer

“...language is not only for developing communicative competence but also to equip the pupils for cross-cultural communication between speakers of different first language speakers.”

De Kadt gee hier 'n breë oorsig oor die kommunikatiewe benadering ten opsigte van tweedetaalonderrig (T2-onderrig) wat as basis van die uitkomsgebaseerde onderrig dien. Met die term “kommunikatiewe benadering” verwys Hymes [1972] na die toepaslike gebruik van taal, dit wil sê, die gebruik van taal binne sy sosiale konteks. Dit verwys na die handhawing van die moedertaalspreker se sosiolinguistiese norme ten opsigte van die taal se toepaslikheid. Die ondersoek wat hier gedoen word, poog om daardie sosiolinguistiese norme te verduidelik al is dit 'n inleidende poging.

Soos reeds hierbo gesê is, is Suid-Afrika 'n land met 'n verlede vol ongelykhede. In hierdie land was, onder andere, linguistiese ongelykhede. As een van die twee redes waarom T-2 onderrig in Suid-Afrika plaas moet vind, haal De Kadt [1992 : 60] Beukes aan, waar laasgenoemde, beweer het dat T-2 onderrig gebruik kan word

“ ... for the delegitimizing of linguistic inequalities in a future democratic South Africa [Beukes 1991:89].

Orals waar die lede van verskillende gemeenskappe ontmoet, gebruik hulle die beperkte en gebrekkige woordeskat wat hulle tot hulle beskikking het om kommunikasie te bewerkstellig. Daardie kommunikasie is egter nie altyd kompetent nie. Dit is 'n kommunikatiewe probleem. Om hierdie probleem op te los, moet die lede van die verskillende taalgemeenskappe die kulture, die gedrag en taalgebruik van die ander gemeenskappe in die werklike gespreksituasies ken. Dit suggereer baie en groot werk. Dit suggereer dat die linguïste wetenskaplike ondersoeke van alle taalaspekte en vertaling moet doen. Om 'n bydrae tot hierdie groot werk te lewer, word hierdie ondersoek ten opsigte van die groetroetine onder die Afrikaans- en Isizulumoedertaalsprekers

gedoen. Daarna sal 'n vergelykende studie van hierdie twee taalgemeenskappe gedoen word. Daar is aanduidings dat groetroetines in Afrikaans aansielik verskil van die groetroetines in Suid-Afrika se sogenoemde swarttale. Hierdie aanduidings is informeel in die sin dat daar baie min wetenskaplike ondersoeke is om hierdie aanduidings óf te ondersteun óf te verwerp.

1.2. Waarom Isizulu- en Afrikaansmoedertaalsprekers as proefpersone gekies is

Die rede waarom 'n groetroetinstudie tussen die Isizulu- en die Afrikaansmoedertaalsprekers gedoen is, is, eerstens, dat ek persoonlik, Zulusprekend is. 'n Ander rede, die belangrikste een, is op die afstand waarvan ek in paragraaf 1.1.3 hierbo gepraat het, gebaseer. Daar is 'n negatiewe houding tussen die Swartmense en die Blankes van Suid-Afrika oor die algemeen. Hierdie negatiewe houding is in werklikheid, die negatiewe houding tussen die Swartes en die Afrikaners. Ek voel ek kan sonder twyfel sê dat die Swartmense oor die algemeen, voel dit is die Afrikaners wat verantwoordelik is vir al die skade en kwaad van apartheid. Baie van hulle het die taal, Afrikaans, as die taal van die onderdrukker beskou. Vir hulle was Afrikaans nie 'n middel van kommunikasie nie, dit was slegs 'n middel van verdrukking en onderdrukking. Dit was miskien so. Ek is uit eie ervaring egter seker dit is nie meer so nie. Met daardie houding moet dan weggedoen word. Die huidige tydperk in die geskiedenis van ons land, Suid-Afrika, is die tydperk van vergewensgesindheid en versoening en in 'n groot mate is dit vergewensgesindheid en versoening tussen die Swartmense en die Afrikaners. Wat versoening voorafgaan, is begrip wat egter slegs deur middel van 'n taal bereik kan word. My standpunt hier is dat jy my bestaan as 'n mens slegs kan aanvaar as jy my kompetent kan begryp. Die basiese doel van die ondersoek is dan om kompetente begrip tussen die Zulu's en die Afrikaners te bewerkstellig.

HOOFSTUK TWEE

2. Teorie en metodologie

2.1. Inleiding tot die teorieë

In Hoofstuk een is 'n uiteensetting van die historiese faktore wat tot die menslike probleme tussen die verskillende Suid-Afrikaanse gemeenskappe gelei het, gegee. Die probleme, soos gemeld is, is misverstand en stereotipering. Moontlike oplossings is ook gesuggereer. Wat nie gedoen is nie, is om die metodologieë wat in die navorsing gebruik sal word, te gee. In hierdie hoofstuk sal die metodologieë wat gebruik sal word om data te versamel, bespreek word. Voordat die metodologieë bespreek word, sal die teorieë en benadering waarop die navorsing gebaseer is, bespreek word. Die teorieë en benadering waarna verwys word, is die *Bulge-Teorie*, die *Taalhandelings-teorie* en die *Kommunikatiewe benadering*.

Dit is baie belangrik om in hierdie stadium daarop te wys dat slegs na misverstand en stereotipering tussen Isizulu- en Afrikaansmoedertaalsprekers verwys word. Dit wil egter nie sê daar is geen misverstand en stereotipering onder Suid-Afrika se verskillende Swarttaalgemeenskappe nie. Misverstand en stereotipering heers min of meer op dieselfde manier onder die verskillende Swarttaalgemeenskappe. Een voorbeeld is dié waar Isizulumoedertaalsprekers die ander Swart-taal-gemeenskappe die *izizwana* noem. Die woord *izizwana* is 'n neerhalende aanmerking en dit is kwetsend en verkleinerend in sy gebruik. Dit verwys na die klein nasies. Hierdie stereotipering het groot negatiewe effekte op die manier waarop die Isizulumoedertaalsprekers die ander swarttale leer en praat. As 'n tipiese Zoeloe, praat ek persoonlik Afrikaans ver beter as enige ander swarttaal. Ek hoor die Sothomoedertaalsprekers mense omtrent elke dag besig om Sotho te praat. Ek het egter geen woordeskat van hierdie taal wat ek kan gebruik om eenvoudige sinne te maak nie. Die oorsaak hiervan, voel ek, is stereotipering wat op die houding van die Swart nasies van hierdie land teenoor mekaar gebaseer is.

2.2 . Die Teorieë

Soos reeds gesê is, sal daar in hierdie hoofstuk verskillende teorieë waarop die navorsing gebaseer is, bespreek word.

2.2.1. Die Spraakhandelingsteorie en Kommunikatiewe Benadering.

In 1972 het Hymes die term “kommunikatiewe benadering” vir die eerste keer voorgestel. Hiermee het hy na die toepaslike gebruik van taal, d.w.s., binne die taal se sosiale konteks verwys. Dit verwys na die nakom van die moedertaal se sosiolinguistiese norme en toepaslikheid. Die kommunikatiewe benadering plaas die fokus nie op die korrektheid van die taal nie, maar op die toepaslike gebruik van taal in die sosiale konteks.

Hier word De Kadt weer aangehaal waar sy twee doele van T2-onderrig in Suid-Afrika noem. Sy beweer dat

“...the future society of South Africa is to be multilingual...” [1992:60].

Volgens De Kadt, kan taal nie net as 'n middel vir die ontwikkeling van kommunikatiewe kompetensie beskou word nie. Dit moet egter gebruik word om die individuele taalleerders voor te berei vir die kruiskulturele kommunikasie tussen sprekers van die verskillende moedertale. Dit is presies binne hierdie konteks dat hierdie ondersoek gedoen word. De Kadt gaan verder om Beukes aan te haal waar hy van die ongeregtheid van die linguistiese ongelykhede in die toekomstige demokratiese Suid-Afrika praat [1991:89]. Hierdie ongeregtheid sonder die kennis van die ander taalgroepe se taalgedrag kan nie help nie. T2-onderrig moet daarom plaasvind. Hierdie T-2-onderrig moet egter toepaslik wees. Die kommunikatiewe benadering van T2-onderrig kan suksesvol wees daarin om die doelstellings van T-2-onderrig te bereik.

Binne die raamwerk van die kennis van die ander taalgroepe se taalgedrag het Austin [1962], 'n sosiolinguistiese teoretikus, geen groot probleme, dit wil sê, ten opsigte van T-2-aanleer, voorsien nie. Hy het beweer dat al die tale dieselfde taalhandelinge het. Sy siening het tot die sogenoemde “taalhandelingsteorie” ontwikkel.

Volgens Anthonissen [1992:286] verwys die taalhandelingsteorie na die pragmatiese kompetensie, d.w.s., die kennis van taal wat die T-2 leerder help om sy / haar teikentaal binne die sosiale konteks te gebruik. Volgens hierdie teorie het elke taal dieselfde basiese stelsels van taalhandelinge, soos versoeke, verskonings en

ander. Sekere kultureel-spesifieke geritualiseerde handeling soos, doping, byvoorbeeld verskil egter wel. Anthonissen gaan voort om te beweer dat elke taal dieselfde stelsel strategieë het om 'n sekere taalhandeling te doen. Anthonissen [1992] haal Canale en Swain aan waar laasgenoemdes 'n teorie suggereer waarvan kommunikatiewe kompetensie uit:

[a] grammatikale kompetensie

[b] sosiolinguistiese kompetensie en

[c] strategiese kompetensie

bestaan. Dit is hierdie basiese stel kompetensies (met verwysing na groetroetine) wat hierdie ondersoek poog om te verduidelik. Tale verskil ten opsigte van watter taalhandeling toepaslik kan wees binne 'n gegewe gespreksituasie. Volgens ander sosiolinguistiese teoretici soos Thomas [1983] en Wierzbicka [1991], is die taalhandelingsteorie etnosentries bevooroordeel. Volgens hulle is taalhandelingsteorie etnosentries bevooroordeel is omdat dit Anglo-Saksiese norme en waardes as algemeen geldig neem. Hierdie algemene bevooroordeelde begrippe word in die werk van Fraser, Rintell en Walters [1980] geïllustreer. Le Roux [1992] beweer daarenteen waar hy sê, dit is nie al die tale wat dieselfde spraakhandeling het nie. Soos hy sê, is daar nie genoeg getuienis om die spraakhandelingsteorie te ondersteun nie. Die doel van my ondersoek is dan om uit te vind óf die spraakhandeling in Isizulu en Afrikaans ten opsigte van groet dieselfde is óf nie.

In Wood [1992] is 'n voorbeeld van 'n persepsie gegee wat Engels- en Afrikaansmoedertaalsprekendes het dat die swartmense in die algemeen, onhoflik en ondankbaar is. Daardie persepsie is op die etnosentriese vooroordeel gebaseer. Volgens Le Roux [1992: 315] kan etnosentriese vooroordeel slegte resultate op die veranderlike etniese situasie soos die een in Suid-Afrika hê. Hy beweer dat die etnosentriese vooroordeel tot kruis-kulturele miskommunikasie kan lei. Kruis-kulturele miskommunikasie aan die anderkant, lei tot stereotipering, dit wil sê; deur beide die onderwysers (moedertaalsprekendes) en die leerders van die teikentaal. Op hierdie wyse, in plaas daarvan om kommunikasie te bewerkstellig, word kommunikasie op interkulturele vlak geblokeer

2.2.2. Die Relatiewiteitsteorie

'n Verwysing is hierbo in 2.2.1. daarna gemaak dat al die tale dieselfde spraakhandelinge het; d.w.s., volgens wat Anthonissen en andere met hulle spraakhandelinge teorie beweer. Daar is egter 'n ander teorie, die relatiewiteitsteorie. Daar word deur ander linguïste beweer dat die studie van die sosiolinguïstiese reëls daarop wys dat spraakhandelinge nie universeel is nie, dit wil sê, nie dwarsoor verskeie kulturele groepe dieselfde is nie. Dit word sosiolinguïstiese verskeidenheid genoem. Die spraak-etnografie van die verskillende taal-gemeenskappe verskil grootliks ten opsigte van die spraakreëls. Dit is die norme en die waardes wat 'n lid van 'n gemeenskap van kinds af aangeneem het wat vir hom/haar bepaal wat in 'n gegewe gespreksituasie gesê of nie gesê kan word nie. Hierdie norme en waardes vertoon variasie van een taalgemeenskap na die ander dwarsoor die wêreld en ook binne die verskeie groepe van dieselfde taalgemeenskap. Dit is sosiolinguïstiese relatiewiteit.

Sosiolinguïstiese relatiewiteit het baie en groot implikasies vir T2-onderdig en interkulturele kommunikasie in die algemeen. Die moontlike oorsaak van interkulturele wan-kommunikasie waarna in 2.2.1 hierbo verwys is, kan tweevoudig wees. Dit kan:-

- [a] die verskillende sosiokulturele agtergronde wees, bv. jongmense teenoor die oumense en
- [b] die verskeidenheid in die waardestelsels en die manier waarop daardie waardestelsels uitgedruk word, wees.

Wanneer die mense van die verskillende sosiale agtergrond interageer, beoordeel hulle mekaar se taalgedrag volgens hulle eie waardestelsels. Waar daar onkunde is in verband met mekaar se waardestelsels, kan wan-kommunikasie of misverstand waarna reeds hierbo verwys is, ontstaan. Hoe meer ons oor/ van mekaar se kulture weet, hoe meer kan ons besef dat om verkillend te wees, is en kan ook onder geen omstandighede, 'n kwessie wees van een persoon of taalgemeenskap wat beter of slegter as die ander een is nie. Dit is bloot 'n kwessie van verskeidenheid. Dit is grootliks op grond van hierdie stelling, of die relatiewiteitsteorie, dat ek hierdie ondersoek doen.

2.2.3. Die Bulge-Teorie

Wolfson [1988] maak 'n verwysing na die afstand tussen die gespreksgenote. Sy het dit as 'n "bulge", dit wil sê, dit wat van die norm afwyk, beskou. Hy beweer dit ontstaan uit die kwalitatiewe verskil tussen die spraakgedrag van die intieme gespreksgenote, en die nie-intieme gespreksgenote; die vreemdelinge en die bekendes; die status-gelykes en die status-nie-gelykes; die werkgewers en die werkers; en ook die verskille tussen die gespreksgenote van verskeie ouderdomme. Volgens Wolfson, het hierdie afstand 'n groot effek op die manier hoe die gespreksgenote die gesprek aanknoop en daarmee aangaan. Met betrekking tot die onderwerp waaroor die navorsing gaan, lyk dit of hierdie teorie, die bulge teorie, getoets kan word om uit te vind óf dit 'n bepaalde substansie in die werklike situasie het óf nie.

Noudat die teorieë wat hier getoets sal word, geskets is, sal die metodologieë wat gebruik sal word om hierdie teorieë te toets, bespreek word. Daar moet in ag geneem word dat die metodologie wat die navorser gebruik om tot die bevindings te kom, altyd 'n kritiese, sentrale rol in die navorsing in die algemeen het.

2.3 Die Metodologieë.

2.3.1 Die Etnografiese Metodologie

Hierdie metodologie is die benadering waarmee alledaagse ondersoeke oor die gemeenskap gedoen kan word. Dit kan gebruik word om die alledaagse onbewuste interaksies te ondersoek. Die doel van die etnografiese metodologiese analise, volgens [Wolfson 1976:61]

"is to uncover speakers' unconscious cultural knowledge and the assumptions arising from it, which lead to the way they interpret and react to their experiences."

Die spreker en die aangesprokene skep die omgewing wat noodsaaklik is vir die kulturele kennis tussen hulle. Hulle skep wat McDemont [1977:26] "the environment of the other" noem.

Etnografiese metodologie word gebruik om uit te vind hoe die gespreksgenote kompetente interaksie bereik. Die gesprek word getranskribeer. Die transkrip word dan data wat die navorser gaan gebruik om 'n volledige analise te doen wat gebruik

word om sekere hipoteses óf te bewys óf te weerlê. In die navorsing oor die groetroetine tussen die Afrikaans- en die Isizulumoedertaal- sprekendes is hierdie metodologie gebruik.

Onder baie ander metodologieë, is gevoel dat die etnografiese metodologie die beste is, want dit help die navorser om die eienskappe van 'n gesprek of spraakgedrag te bepaal; dit wil sê, spraakgedrag in sy natuurlike onbewuste staat. Op hierdie wyse is dit moontlik om die vereiste betroubaarheid vir die resultate van die ondersoek te bereik. Wat hier gesê word, wil nie suggereer dat die etnografiese metodologie geen nadele het nie. Dit het 'n nadeel soos die probleem van die afstand tussen die navorser en sy/haar proefpersone. Dit is wat in paragraaf 2.2.3. hierbo die "bulge" genoem is.

2.3.2. Waarneming

As gevolg van subjektiwiteit ten opsigte van die self is dit vir my nie moontlik om objektief te bepaal of die etnografiese metodologie deur my by die Isizulumoedertaalsprekers gebruik is of nie. Die rede hiervoor is dat ek onder hulle woon. Ek neem baie van hulle taalgedrag waar. Ek word deur sommige van daardie taalgedrag beïnvloed. Ek is 'n deel van hulle gemeenskap. Baie van die dinge wat ek onder die Isizulu-moedertaalsprekers gedurende my ondersoek ten opsigte van die groetroetine waargeneem het, sal klaarblyklik die dinge wees wat ek verwag het om te kry of om van te hoor. Ek dink dit is een van die dilemmas of die probleme wat die navorsers moet oplos, dit wil sê; om objektief gedurende die ondersoek te bly.

Waarneming is een van die belangrike wyses waarop kennis in verband met taalgedrag verkry kan word. Die kennis wat ek met behulp van waarneming kan insamel, al is dit dalk subjektief, is belangrik.

2.3.3. Diskoersinvultoets.

Die diskoersinvultoets is die metodologie waarmee informasie van die proefpersone af verkry kan word. Dit is Blum-Kulka wat hierdie metodologie in 1982 ontwikkel het. Die vernaamste navorsers soos Olshtain en Cohen het hierdie metodologie gebruik om kruis-linguistiese studies te ondersoek. Ek bevind myself in dieselfde situasie.

Hierdie metodologie sal help om data vanaf die proefpersone, op wie ek die etnografiese metodologie nie kan gebruik nie, in te samel. Dit is die situasies waarin ook waarneming my nie kan help nie. Dit is die situasies soos binne die privaat en die intieme gesinskringe. Groethandelinge vind plaas tussen die mense binne daardie soort situasies. Informasie daarvoor moet ook verkry word. Die diskoersinvultoets sal my baie help om daardie doel te bereik. Ek moet weet hoe groet die pa en/of ma sy/haar kinders en anders om; dit wil sê, as daar 'n roetine is waarop hulle groet.

Die vrae is aan die proefpersone gestel. Die proefpersone was Afrikaans- en Isizulu-moedertaalsprekers. Hulle was van verskillende ouderdomme. Die basiese doel was om uit te vind of daar ooreenkomste of verskille is ten opsigte van groetroetine tussen hierdie twee taalgemeenskappe. Daardie ooreenkomste of verskille, dit wil sê, indien daar is, sou na vore gebring word sodat die lede van hierdie twee gemeenskappe van die ooreenkomste en verskille bewus sal wees en dit verstaan sodat hulle mekaar beter sal kan verstaan. Daardie begrip is van groot gemeenskaplike belang aangesien dit sal help om die proses van versoening, veral na ons donker verlede en geskiedenis van onaanvaardendheid onder verskillende rasse, moontlik te maak en dit te versnel waar dit reeds begin het.

Hierdie metodologie, die diskoersinvultoets, het sy eie nadele. Die nadeel van hierdie metodologie is dat dit moontlik so gebruik kan word dat die proefpersone nie spontaan interageer nie. Die vrae wat 'n proefpersoon moet beantwoord kondisioneer hom/haar op so 'n manier dat die situasie onnatuurlik raak. Dit self beïnvloed nie slegs die data-insameling nie, maar ook die kwaliteit en die aard van daardie data. Die metodologie bepaal hoe die proefpersone die vrae moet beantwoord. Dit is een van die ernstige nadele van hierdie metodologie. Ten spyte van die nadeel was dit tot my beskikking en is dit gebruik soos hieronder geïllustreer word.

2.3.3.1. Geslote Vrae

Volgens Oppenheim [1970:40]

“this is the type of questions in which the responses of the subject are limited to stated alternatives.”

Daardie alternatiewe is altyd eenvoudig soos “ Ja” en “ Nee”. Hierdie soort vrae is gestel en dit sou baie help om data onder die mense waar die etnografiese metodologie nie gebruik kon word nie, in te samel.

Om uit te vind óf die boeties en die sussies tuis onder mekaar groet óf nie, is geslote vrae aan hulle gestel. Die doel van die vrae was ook om te probeer uitvind hoe hulle groet, indien hulle dit doen. Die vrae wat gestel is, is:-

- [a] Is dit `n roetine dat jy jou boetie/ sussie goet ?
- [b] Wanneer groet jy jou broer / suster ?
- [c] Hoe groet jy jou broer/ suster ?
- [d] Wie groet gewoonlik eerste tussen julle ?

LW. Met die vierde vraag hierbo wou ek op `n indirekte manier uitvind of die geslag en ouderdom `n sekere invloed het op die manier hoe die mense groet of nie.

Die kinders bly nie alleen nie. Hulle het ouers en ander gesinslede. Die ondersoek moes dus uitvind hoe die kinders die oumense groet of anders om. Om dit uit te vind is die volgende vrae gestel:-

- [e] Hoe groet jy jou
 - (i) Pa?
 - (ii) Ma?
 - (iii) Ouma?
 - (iv) Oupa?

[f] Wie groet eerste tussen jy en die mense wat hierbo gemeld is?

Om uit te vind hoe die huweliksmaats/ geliefdes groet, d.w.s.; indien hulle dit doen, is die volgende vrae gestel :-

- [g] Groet jy jou huweliksmaat/ geliefde as jy hom/haar vir die eerste keer na `n rukkie sien?
- [h] Hoe groet jy hom/haar ?

Dit is belangrik en essensieel om die vraag “ groet julle/ jy of nie?” te vra. Dit is belangrik, want die navorsing betrek twee verskillende taalgemeenskappe. Ek het `n hipotese dat dit moontlik is om groot verskille ten opsigte van groetroetine te hê. Die Afrikaanstaliges groet miskien in situasies waar die Nguni- taliges in die algemeen, en die Isizulu-moedertaalsprekers in die besonder, geen rede sou kry om te groet nie.

2.3.3.2. Nie-Geslote Vrae.

Nie-geslote vrae is ook gebruik om data in te samel. Dit is onder die moedertaalsprekers van beide taalgemeenskappe gebruik. Volgens Oppenheim [1970:41] en Festinger in Katz [1960:360] stel die navorser nie-geslote vrae om vrye respons van die respondent af te kry. Volgens hierdie bogenoemde outeurs word 'n respondent 'n geleentheid verskaf om die vrae in sy eie woorde, op sy eie terme en wyse te beantwoord. Die groot voordeel van die gebruik van nie-geslote vrae in 'n stuk navorsing is dat daarmee geen woorde in die mond van die respondent gelê word nie. Nie-geslote vrae help ook waar die respondent sy/haar eie definisie van die situasie gee. Die nie-gestruktureerde vrae, soos nie-geslote vrae ook bekend staan, is min of meer soos dié wat in gesprekke binne die normale gespreksituasies gevind kan word. Dit, dan, sou help om spontane respons te bewerkstellig.

Dit word as belangrik beskou om nie-geslote vrae te gebruik om data onder sommige van die proefpersone in te samel. Dit moet gedoen word om meer inligting van hulle af te kry. Wat tot hierdie besluit gelei het, is die feit dat daar 'n verskuiwing in taalgebruik is van wat baie jare gelede gebeur het na wat huidiglik die gebruik is. Daar is nog mense wat daardie ou groettoetines gebruik en beoefen. Daardie dinge word nie meer deur die jeug verstaan nie. Dit lei moontlik tot misverstand tussen die jeug en die volwassenes. Vrae soos die volgende, word gevra:-

[a] In watter situasies groet mense mekaar, na jou mening?

[b] Wie groet eerste wanneer die mense ontmoet?

[c] Is daar 'n rede om te groet as jy ander mense verlaat?

[d] Jy kom van iewers af. Jy kom by jou huis aan. Daar ontmoet jy jou man/vrou en die kinders.

(i) Groet jy of nie ?

(ii) As jy groet, hoe groet jy ?

(iii) Waarom groet jy op daardie manier?

[e] Jy, jou vrou/ man en die kinders is by die huis; nou gaan jy weg.

(i) Groet jy of nie ?

(ii) Hoe groet jy ?

- [f] Jy is op pad. Jy ontmoet 'n persoon wat jy nie ken nie.
- (i) Groet jy daardie persoon of nie? Gee 'n rede vir jou respons.
 - (ii) Hoe groet jy hom/haar as jy hom/haar groet?

In hierdie stadium moet aangedui word hoeveel persone as proefpersone gebruik is. Die proefgroep het bestaan uit 200 volwasse Isizulu-moedertaalsprekers, 200 jong Isizulu-moedertaalsprekers, 200 volwasse Afrikaansmoedertaalsprekers, en 200 jong Afrikaansmoedertaalsprekers. In elke groep was 50% manlik en 50% vroulik. Daar is 'n ander groep mense wie se taalgedrag, met betrekking tot groetroetines, waargeneem is. Dit is 'n groep mense wat op die platteland bly. Sommige van die proefpersone het hulle respons neergeskryf terwyl ander mondelings gerespondeer het. Ander mense is as inligtingsbronne gebruik.

2.4. Wat Groet is

Om te verduidelik wat groet is, kan miskien as irrelevant beskou word. Dit is egter belangrik om duidelik te stel wat hier daaronder verstaan word. Krivonos en Knapp [1975], soos ook Wolfson [1989:104], beskryf groet as “ritualised behaviour”. Saam met Van Jaarsveld [1985:208], word groet hier gesien as “gespreksrituele” wat in die openingsfasies van gesprekke aangetref kan word.

Daar is baie faktore wat groetroetines beïnvloed. Krivonos en Knapp [1975] het 'n ondersoek tussen beide die verbale en nie-verbale groetfrekwensie gedoen. Hulle het probeer om uit te vind of die verskille in die frekwensie deur die verwantskap tussen die gespreksgenote beïnvloed is of nie. Volgens Krivonos en Knapp [1975:115] word groetwyses en aanvang van interpersoonlike gesprekke deur kulturele norme bepaal en dikwels beïnvloed deur faktore soos status, familiariteit en spesifieke gesprekssituasies. Volgens Holmes [1992:12] word groetgedrag bepaal deur hoe goed die gespreksgenote mekaar ken.

Krivonos en Knapp [1975:115] wys uit oor die aard van groetroetines dat die meeste mense ander mense groet sonder om werklike aandag aan die groetwyses wat gebruik word te gee. Op hierdie wyses is groetroetines geritualiseer; anders gestel, ons groet slegs uit gewoonte. Groetroetines het, volgens Krivonos en Knapp [1975:117] die volgende funksies:-

2.4.1. **Beskikbaarheid.**

Die hoof funksie van begroeting volgens Krivonos en Knapp[1975:117] is om die oorgang tussen afwesig-wees en beskikbaarheid te oorbrug. Beskikbaarheid kan volgens Goffman[1971:81] afgelei word uit die tipe begroeting. Volgens hom sê ons, wanneer ons groet “Ek sien jou en ek is vriendelik en wil graag ’n kanaal vir verdere kommunikasie skep.”

2.4.2. **Verhoudingsbevestiging en instandhouding**

Die ander funksie van begroeting is om belangrike inligting oor die verhouding tussen die gespreksgenote te gee. Dit toon aan of daar ’n verandering is wat in hul verhouding ingetree het sedert hulle mekaar laas gesien het en hoe hul tans oor die verhouding voel. Op hierdie wyse het begroeting die funksie om interpersoonlike verhoudings in stand te hou. Deur vinnige verby-stap-en-groet word die feit dat die kanale vir kommunikasie nog oop is en dat die bestaande verhouding nog in orde is, aangedui. Goffman[1971:81] verwys daarna as ’n seremoniële ritueel waarvolgens die moontlikheid van toegang bevestig word.

2.4.3. **Status of Posisie.**

Giffon en Patton[1971:7] toon aan dat “Goeie more” baie verskillende betekenisse kan hê. Dit mag onderwerping, bewustheid van laer status, bewustheid van ’n gesagsposisie, verwerping of selfs vyandigheid beteken. Krivonos en Knapp[1975:117] toon aan dat status ’n belangrike invloed op die groetrituëles tussen die gespreksgenote het.

My eie siening van groet is dat dit ’n menslike kulturele aktiwiteit is waarmee ’n persoon erken dat hy/sy ’n ander mens, God se skepping, sien of raakloop. Hiermee, aanvaar en waardeer hy/sy die gemeenskap met die ander. Op grond van hierdie informasie, moet elke mens groet. Beide die Isizulu- en die Afrikaansmoedertaalsprekers, veral die volwassenes, voel ek, sal saam stem dat ’n mens behoort te groet. Dit is binne hierdie raamwerk dat die navorsing wat gedoen word, wil vasstel hoe die groetrituëles van die Isizulu- en die Afrikaansmoedertaalsprekers vergelyk.

2 .5. Hipotese

My hipotese is dat daar verskille is in die groethandeling tussens Isizulu- en Afrikaansmoedertaalsprekers. Hierdie verskille word deur die historiese feit dat hierdie twee tale in verskillende dele van die wêreld ontstaan het, bepaal. Afrikaans is een van die Germaanse tale wat 'n deel van die Indo-Europese taalfamilie is. Isizulu daarenteen behoort tot die sogenaamde Bantoetaalfamilie wat die grootste taalfamilie in Afrika is. Daar is duidelike verskille ten opsigte van leksikon, morfologie, fonologie, sintaksis en semantiek tussens hierdie tale.

Hierdie verskille hoef nie noodwendig fundamenteel ten opsigte van die groetroetine te wees nie. Laasgenoemde siening is gebaseer op die feit dat beide Afrikaans en Isizulu m.i. Afrikatale is. Op grond van laasgenoemde, behoort daar baie ooreenkomste te wees in die wyse hoe hierdie twee Suid-Afrikaanse taalgemeenskappe groet. Hierdie navorsing in verband met die groetroetines tussens die Isizulu- en die Afrikaansmoedertaalsprekers het dan ten doel om uit te vind wat daardie verskille of ooreenkomste is.

Hoofstuk Drie

3. Data-analise

Hierdie hoofstuk, Hoofstuk Drie, handel meer oor die analisering van data wat reeds ingesamel is. Voordat die data geanaliseer word, moet iets in verband met die groetwoorde wat die Afrikaans- en die Isizulutaliges gebruik om te groet, gesê word. Dit is baie belangrik om die groetwoorde te bespreek want die studie betrek twee tale. Daar moet nie onduidelikheid oor die groetwoorde wees nie. Daarna sal die data wat ingesamel is, geanaliseer word. Vervolgens sal 'n onderskeid tussen die verbale en die nie-verbale groetrotetine gemaak word.

3.1. Groethandelinge (groetwoorde)

Dit is baie belangrik om iets oor die groetwoorde wat hierdie twee taalgemeenskappe gebruik, te sê. Dit moet weer duidelik wees dat hierdie, 'n persoonlike siening en interpretasie van die woorde is. Die groetwoord “goeiemôre”, of “goeienaand”, spruit uit hoe die Afrikaanssprekendes die natuur beskou. Die Afrikaanssprekendes waardeer die natuurlike omgewing waarin hulle hulleself bevind. Die spreker beskou die aangesprokene as deel van daardie omgewing. Dat hulle ontmoet, verwys na iets goeds wat aan die gang is; dit wil sê, die lewe. Dit is nie heeltemal verskillend van die siening van die Isizulutaliges nie. Hulle gebruik die groetwoord *sanibona* of *sawubona*. Met hierdie groetwoord wys die spreker dat hy/sy dit waardeer om die aangesprokene te ontmoet en dat hy/sy nog lewendig is. Dit moet in gedagte gehou word dat die Afrikaans groetwoorde soos “goeiemôre” nie 'n voorstellende funksie het nie al het goeiemôre byvoorbeeld uit “goed” en “môre” ontstaan. Die spreker se lewenstoestand mag allesbehalwe goed wees en die tyd van die dag is nie werklik ter sake nie. Die funksie is bloot om kommunikatiewe interaksie te bewerkstellig.

3.2. Ukukhulekela

In die ou dae, asook deesdae op sekere plekke veral op die platteland van KwaZulu-Natal, kon of kan 'n mens, veral 'n mansmens, nie iemand ander se werf binnekom sonder om te *khulekela* nie. *Ukukhulekela* beteken nie presies om te groet nie. Dit verwys bloot net na die uiting wat 'n mens maak as hy iemand se werf binnekom. Hiermee trek die aankomeling die aandag van die een wat

die gasheer sal wees. Dit is gewoonlik en basies 'n manlike volwassene wat *khulekela*. As hy *khulekela* sê hy “e-e-Ndlangamandla!” of “e-e-Khabazela!”. Ndlangamandla of Mphazima is 'n klannaam vir Nkosi wanneer Khabazela 'n klannaam vir Mkhize is. Nadat hy *khulekela* het, dan kan hy verwelkom word; dit wil sê; as daar iemand is by daardie familie se werf is wat hom sien of hoor *khulekela*. Dit moet weer in ag geneem word dat *ukukhulekela* 'n groot *hlonipha*-handeling is. As jy dit doen, moet jy jou hoed, as jy een op het, afhaal. As niemand jou verwelkom nie, dan moet jy daar staan as jy seker is dat daar iemand aanwesig is en ook weet dat hy/sy jou gehoor of gesien het. Dit is hoflik. Om sommer weg te gaan, is onhoflik en hooghartig. Hoe lank die gewag duur nadat iemand op die werf jou gesien het, maak geen saak nie. Jy kan ook nie sommer ingaan omdat iemand jou gesien of gehoor het nie; jy moet ingenooi word.

In die ou dae, as 'n mens *khulekela*, en hy word eerste deur 'n kind of vrou gesien of gehoor, kon die kind of vrou die persoon nie net sommer verwelkom nie. Wat die vrou of die kind sou doen, was om aan die hoof van die kraal (familie) te gaan rapporteer dat daar iemand by die hek is. Die hoofman sou dan 'n besluit neem of daardie persoon verwelkom word of nie. Die verwelkoming het altyd afgehang van hoe besig die hoof (man) was. As die hoofman nie op die werf was nie, dan sou die vrou of die kind na die manlike gas gaan. Sy sou buig of gaan sit en dan groet voordat sy die boodskap gee dat hy in moes kom of nie kon nie. Nadat die aankomeling verwelkom is, kon hy op 'n gewone manier gegroet word. As iemand *khulekela*, gebruik hy óf die van óf die klannaam soos dit hierbo gesê is. As die aankomeling die van nie ken nie, dan *khulekela* hy so; “E-e-e *khaya!*” Hierdie “e-e-*khaya!*” werk as 'n uiting waarmee 'n mens sy aankoms aankondig. *Khulekela* vergelyk goed met aanklop by die deur soos dit voor daar gegroet word, gaan. Dit word as onbeskof of onhoflik beskou as 'n manlike volwassene nie *khulekela* nie. Hy kan ook gestraf of 'n boete opgelê word. Hierdie verskynsel kan as deel van die groetroetine beskou word. Die Isizulu-moedertaalsprekers wat nou op die dorpe woon, *khulekela* nie meer nie. Hulle doen presies wat die blankes doen. Hierdie verskynsel is een van die plekke waar pragmatiese oordrag plaasvind. Ek het hierdie kwasigroetroetine met Afrikaans-moedertaalsprekers bespreek, net om uit te vind wat hulle gevoelens in verband daarmee (*ukukhulekela*) was. Hulle het vir my gesê dat

ukukhulekela geen probleem kan wees nie. Wat egter problematies kan wees sou die tyd wees wat 'n mens by die hek sou deurbring wanneer die hoogmoedige man te lank neem om die besoeker óf te verwelkom óf te laat weggaan. Afrikaanssprekendes sê hulle sou sommer wegstap. Vir die plattelandse Zulus sou dit totaal verkeerd wees en die persoon wat so optree sou gestraf word.

Mans op die platteland hou daarvan om hoede te gebruik. Wat treffend is in hierdie verband is wat die ondersoek bevind het ten opsigte van die hoed en groettoetine/begroeting, veral onder die Swartes. Die ondersoek het bevind dat wanneer 'n man iemand se werf binnekom, haal hy sy hoed af; dit wil sê, as hy een op het. Hy doen dit as hy *khulekela*. *Khulekela*, soos dit reeds in hoofstuk een bespreek is, is om "e....*khaya*!" te uiter. Dit is onhoflik vir 'n man om te *khulekela* wanneer hy sy hoed op sy kop het.

Die ondersoek het bevind, dit is nie slegs manlike volwassenes wat hulle hoede afhaal wanneer hulle groet of iemand se werf binnekom nie, maar die manlike jeug doen dieselfde. Dit is egter nie normaal vir die Zulu jeug om hoed te dra/ te gebruik nie; dit wil sê, volgens wat die volwassenes op die platteland beweer. In die lokasies is die situasies anders. Die jeug, dit wil sê, die tieners, loop met hulle kepe op hulle koppe rond. As en wanneer hulle groet, haal hulle die kepe nie af nie. Die volwassenes beskou dit as 'n teken van disrespek.

Khulekela is meer as eenvoudige klopperij, of begroeting. Dit is ritueel. Die ondersoek het bevind dat die geleerde Swartmense, veral diegene wat in die lokasies, dorpe en stede bly, *khulekela* nie meer as hulle iemand anders se werf binnekom nie. Dit verwys na die dinamiese natuur van die kulturele waardes en eenvoudige gewoontes. Dit lei gewoonlik na intrakulturele pragmatiese oordrag. Die manier hoe die geleerde swartmense hulle aanwesigheid op die werf nou aankondig, is om aan die deur te klop; dit wil sê, presies soos die witmense. Soos die witmense weer, sien die geleerde swartmense niks verkeerd daarmee om nie die hoed af te haal as hy/ hulle iemand ander se werf binnekom nie. Die kwessie van verwelkoming is gekoppel met die hoed en begroeting, veral onder die Isizulumoedertaalsprekers.

3.2.1 Verwelkoming

Die ondersoek het 'n interessante verskynsel in verband met verwelkoming kort na begroeting waargeneem. Nadat 'n man *khulekela* het, dan word hy verwelkom. In daardie begroeting/verwelkommingsituasie, repondeer die man/hoof van die gesin nie; dit wil sê, as die lede van die gesin veral die vrou/e aanwesig is. Die man maak asof hy niks gehoor het nie. Dit is die vrou wat die aankomeling/vreemdeling verwelkom. In haar verwelkoming probeer die vrou om uit te vind wie die vreemdeling is en ook waarmee hy (die vreemdeling) gehelp kan word. As dit noodsaaklik is dat hy die hoof/man persoonlik moet spreek, dan gee sy (die vrou) vir hom plek waar hy kan sit en wag vir die hoof van die gesin.

In die ontmoetingsituasie waar die vreemdeling manlik is, praat die gasvrou knielend of buigend. Dit hang egter altyd af van die ouderdom en die oënskynlike status van die vreemdeling. Wanneer die vreemdeling wag, gaan die gasvrou na die hoof om te rapporteer wie die vreemdeling is, en wat hy wou hê. Sommige van die besoekers, afhangend van die aard van die saak waaroor hulle kom, word deur die vrou uitsorteer. As dit 'n kind alleen is wat die vreemdeling eerste gewaar het, groet hy/sy hom voordat hy/sy vir die ma gaan sê dat daar iemand daar buite is. As die ma nie aanwesig is nie, dan loop die kind reguit na die pa om te rapporteer dat daar 'n vreemdeling is. Wanneer die kind die vreemdeling groet, hurk/buig sy/hy voor die volwasse vreemdeling. In haar artikel, "Requests as speech acts in Zulu", *South African Journal of African Languages*; 1994, 14 (3) bl. 105, noem De Kadt hierdie gedrag deur die Zoeloes "kinetiese aspekte" van interaksie.

3.2.2. Die kinetiese aspekte

Wat De Kadt in haar artikel sê in verband met kinetiese aspekte hou sterk verband met wat hierdie ondersoek bevind het. Die kinetiese aspekte wat sy in haar artikel meld, is die aspekte soos postuur, handskud, oogkontak en andere.

3.2.2.1 Postuur

Volgens die bevinding van die ondersoek buig/kniel die vrou wanneer sy 'n manlike persoon groet. Sy staan regop, spesifiek as sy 'n ander vrou groet en as daardie vrou

van haar ouderdom en status is. Volgens die Zoeloekultuur en -waardesisteme, is dit onhoflik vir 'n vrou om sommer regop te staan wanneer sy met 'n manlike persoon interageer. Wat met die Swart jeug wat dorpenaars is, gebeur, is iets anders. Die meisies buig of kniel nie soos hulle moeders nie. Seuns hurk of gaan sit nie wanneer hulle met volwassenes interageer nie. Volgens De Kadt (1994, 106), het die Westerse styl opvoeding 'n groot invloed op die tradisionele interaksionele gewoontes van die Isizulumoedertaalsprekers. 'n Ander vername kinetiese aspek is met par. 3.2. hierbo gekoppel. Hierdie paragraaf gaan oor *khulekela*. Soos reeds gesê is, staan die man naby die hek as en wanneer hy *khulekela*. Wat baie belangrik is om hier te sê, is dat wanneer hy daar staan sy hoed af is. As hy doodseker is dat iemand hom reeds gewaar het, hurk of gaan sit hy terwyl hy vir die gasheer wag. Dit toon respek en hoflikheid.

3.2.2.2 Handskud

Die ondersoek het bevind dat handskud een van die belangrikste groetroetines onder beide die Isizulu- en die Afrikaansmoedertaalsprekers is. Volgens die bevindings, steek die Isizulumoedertaalsprekende mans eers die hand uit om te skud as en wanneer sy gespreksgenoot vroulik is. Die vrou respondeer. Isizulumoedertaal sprekende mans, oor die algemeen, beskou hulle status as hoër as die status van die vrouens. Op die voorwaardes waar die gespreksgenote dieselfde status het, steek enige deelnemer sy/haar hand eerste uit. Dit stem ooreen met wat De Kadt sê wanneer sy beweer dat dit 'n persoon van hoër status is wat sy/haar hand eerste uitsteek om hand te skud. Die ondersoek het bevind dat daar verskillende gebruik is van handgroet wat die lede van die twee taalgemeenskappe gebruik wanneer hulle groet. Hieronder kom foto's van sommige van daardie handgroete.

Foto 1



Foto 2



Foto 3



Foto 4



Foto 5



Handskud 1 hierbo is `n gewone handskudgroet. Die mense van beide taalgemeenskape van enige ouderdom gebruik hierdie handskudgroet. Volgens die ondersoek gebruik die aangesprokenes van enige sosiale agtergrond hierdie handskudgroet, dit wil sê, as enige handgroet gebruik sou word. Die rastas, byvoorbeeld, gebruik hierdie handskud as hulle nie-rastas groet. Die jeug doen dieselfde as hulle die ou mense en selfs die jeug wat hulle nie ken nie, groet.

Handskud 2 hierbo is uitsluitlik onder die Swart gespreksgenote, gewoonlik die volwassenes, waargeneem. Die Blankes soos diegene wat op plase woon, gebruik hierdie handgroet as hulle gespreksgenote Swartmense is. Hierdie handgroet kom dadelik na handgroet 1. Die aangesprokenes gebruik handgroet 1 en dan 2 en weer 1; dan is die handgroetery klaar gedoen.

Handskud 3 hierbo is `n handgroet wat deur die Swart jeug gebruik word. Volgens die ondersoek is dit die manlike Swart jeug wat gewoonlik vriende is wat hierdie handskudgroet gebruik. Hulle gebruik hierdie handskud gewoonlik saam met verbale groethandelinge soos "heita".

Handskud 4 is `n handskudgroet wat gewoonlik deur die Swart gespreksgenote gebruik word. Die ondersoek het bevind dat dit die rastas is wat hierdie handskudgroet eerste gebruik het. Die manier waarop hulle hierdie groethandeling beoefen, is `n ritueel vir hulle. Hulle gebruik hierdie handskudgroet as en wanneer die aangesprokene ook `n rasta is. Hierdie nie-verbale groethandeling gaan gewoonlik saam met verbale groethandelinge soos "ahoy" of "ahoy man". Volgens die ondersoek is dit gespreksgenote van enige ouderdom wat hierdie handgroet handeling gebruik.

Handskud 5, soos handskud 4 hierbo, is meer ritueel as net `n eenvoudige groethandeling. Soos handskud 4 is handskud 5 deur rastas van enige ouderdom gebruik. Die ondersoek het bevind dat die gespreksgenote wat nie rastas is nie, hierdie handgroet gebruik. Al is hierdie laasgenoemde gespreksgenote nie rastas nie, identifiseer hulle hulleself met die rastas. Handskud 4 en 5 werk gewoonlik saam. Rastas se groethandeling(e) word `n proses, nie net `n enkelvoudige handeling nie. Die boonste hand slaan die onderste hand en dan weer van onder en dan weer van bo en laastens bots die vuiste soos in handskud 4.

3.2.2.3 Oogkontak

In enige ontmoetingsituasie speel oogkontak, of die gebrek daarvan, 'n baie belangrike rol. Dit, op sy eie, staan as 'n ander manier/roetine van begroeting. Volgens die ondersoek wat gedoen is, word oogkontak onder die Witmense, in vergelyking met wat onder die Swartes plaasvind, meer beoefen. Wat die ondersoek bevind het, is dat oogkontak gewoonlik deur 'n glimlag en of knik vergesel word, veral as die deelnemers mekaar ken. Onder die Isizuludeelnemers word oogkontak deur wat De Kadt "non-free posture" noem, gedetermineer. Die Isizulumoedertaal vrouens, byvoorbeeld, probeer om oogkontak te verhoed. Vir die Zoeloes is dit onhoflik of, in sterker mate, taboe, vir 'n vrou om 'n manlike persoon in die oë te kyk. Die kinders ook, kan die volwassenes nie in die oë kyk nie. Oogkontak word egter nie op 'n hoë frekwensie as groetroetine onder die Zoeloes, in die algemeen, gebruik nie.

3.3. Ukukhuzela

Soos *ukukhulekela* is *ukukhuzela* nie presies 'n groethandeling nie. Dit kan egter deur die nie-moedertaal Isizulusprekers as groethandeling beskou word. Dit gebeur juis by die ontmoetingsituasies soos 'n groet. Dit is veral die jongmanne wat *khuzela*. Hulle doen dit slegs teenoor jongmeisies. Die uiting wat hulle gebruik is "*Dudlu ntombi; nongenankom' uyayidl' inyama!*". "*Intombi*" is 'n nooientjie. "...*nongenankomo uyayidla inyama!*" beteken ook diegene wat geen beeste het nie, eet maar die vleis. Met ander woorde, al is die spreker arm en miskien lelik, is hy gelukkig om die kans te kry om die mooi dinge soos daardie jongmeisie te sien. Dit is 'n sin van waardering. Die woord *sawubona* kom nie daarin voor nie. Jy sou sê hierdie soort groet is 'n inleiding tot vryery wat kort daarna moes volg. Dis nie altyd so nie. Dit was altyd 'n taboe vir die jongmanne om sommer verby 'n nooientjie te loop sonder om iets te sê nie. *Ukukhuzela* was dan 'n manier waarop die jongman sê ek sien jou en jy is mooi. Nie soos in die normale groet nie, behoort die meisie nie terug te *khuzela*(groet) nie. As die jongman *khuzela*, steek die meisie haar neus in die lug terwyl sy wegloop, selfs al voel sy trots en gevlei. Binne-in haar, brand die vuur van blydskap. As die jongmanne haar nie *khuzela* nie, dan is dit 'n groot emosionele probleem vir die meisie. Daar word gesê sy het wat die Zulus *isinyama* noem. Sy moet dan 'n proses van reiniging ondergaan. Dit word met

die gebruik van 'n sekere muti gedoen. Wat die ondersoek vasgestel het, is dat hierdie *khuzela*-groetroetine nie plaasvind nie:-

[a] op die dorpe

[b] onder die geleerdes en

[c] onder die kerkgangers.

Dit gebeur egter op die platteland soos Mahlabathini, Nkandla, Nongoma, Msinga, Kranskop en op andere plekke. Baie van die manne wat baie daarvan hou om te *khuzela* is die ongeleerdes van wie baie in die myne werk. Hulle kom slegs tydens die vakansies terug na die platteland.

3.4. Wie groet eerste?

'n Geslote vraag is aan twintig volwassene Isizulu- en twintig Afrikaans moedertaalsprekers gestel. Die vraag wou vasstel wie eerste groet in die ontmoetingsituasie en -omgewings soos dié hieronder; dit wil sê, op pad en by die huis. Die vraag wat gestel is, was:-

Wie groet eerste

[a] op pad ?

[b] by die huis ?

Die Respons

3.4.1. Op pad

Die Afrikaanssprekendes beweer dat enige een van die mense wat mekaar op pad ontmoet, eerste kan groet. Ses van die twintig Afrikaanse proefpersone beweer dat ouderdom hier gewoonlik 'n groot rol speel. Soos hulle sê, groet die jonger mense gewoonlik eerste. Aan die ander kant beweer die Isizulu-moedertaalsprekers dat die kind of 'n jonger persoon in enige ontmoetingsituasie, altyd moet groet en hy/sy moet eerste groet. Agt van die Isizulu-proefpersone het met 'n interessante, belangrike bewering na vore gekom. Hulle het gesê dat enige kind wat nie 'n ouer persoon groet nie, daar en dan gestraf moet word. Soos hulle sê, het enige volwassene 'n verantwoordelikheid om opvoeding aan enige kind/jeugdige te verskaf. Hierdie punt is interessant want dit bring ons by 'n gebruik wat baie jare gelede beoefen is. Dit was suksesvol, maar die vraag is, of dit moontlik nog beoefen kan word in 'n veranderde Suid-Afrika waar lyfstraf onwettig is. Persoonlik dink ek nie so nie, want die jeug van die huidige jare sal dit nie meer toelaat nie. Volgens die grondwet van die land kan daardie aktiwiteit nie meer toegelaat word nie.

3.4.2. By die huis

In paragraaf 3.4.1 hierbo het die ondersoek geen verskil tussen die Isizulu- en die Afrikaanstaliges getoon nie; dit wil sê, ten opsigte van wie eerste groet as die mense op pad ontmoet. Ten opsigte van groet by die huis is daar egter 'n fundamentele verskil tussen hierdie twee taalgemeenskappe. Die Afrikaanssprekendes beweer, dit hang altyd af van wie by daardie besondere plek, soos die huis, arriveer. Hulle beweer, die persoon wat arriveer, moet eerste groet. Soos hulle sê, speel ouderdom hier geen groot rol nie. Die Isizulu-moedertaalsprekers aan die ander kant, beweer direk die teenoorgestelde van wat deur die Afrikaansmoedertaalsprekers gedoen word.

Die Isizulumoedertaalsprekers beweer, die een wat arriveer moet altyd gegroet word. Soos hulle sê, om die aankomeling te groet, is om hom/haar te verwelkom. Hulle beweer dat om die aankomeling te groet, deel van hulle kultuur is. Daardie kultuur ontstaan uit die houding wat die Zulus teenoor 'n vreemdeling het. Hulle sê, om 'n vreemdeling te groet, het ook die spesiale funksie om hom/haar welkom te laat voel en is deel van die *ubuntu* wat die Zulus dink hulle het. De Kadt verwys spesifiek na die Zulus se *ubuntu* en groet in haar artikel (1994:14).

Soos in die ondersoek deur die proefpersone aangedui is, vermy die jonger geslag en die geleerdes onder die swartmense in die algemeen, nou daardie groetroetine. Hulle groet nou soos die blankes groet; d.w.s., dit word nou van die aankomeling verwag om sy/haar gasheer te groet. Dit is een van die pragmatiese oordragte wat waargeneem is. Hierdie pragmatiese oordrag wat plaasgevind het, veroorsaak 'n kommunikasiesteuring tussen ongeleerde volwasse Zulus aan een kant wat verwag dat hulle eerste moet groet wanneer hulle tuis is, en die jeug en geleerde Zulus aan die ander wat, volgens die ouer Zulus, onhoflik eerste groet. Dit is die geval onder die Zulus spesifiek en ander swartmense in die algemeen. Die pragmatiese oordrag wat plaasgevind het, lei ook tot misverstand waar 'n oumens aankom en verwag dat die jonger persoon wat by die huis is hom/haar sal verwelkom deur hom/haar te groet. Die jonger mens doen dit egter nie en dan voel die ouer persoon onwelkom en dat die jonger persoon onbeskof is. Die kommunikasie verloop gevolglik nie verder normaal nie.

3.5. Analise van Isizulu-groetroetines.

Soos reeds in Hoofstuk Twee gesê, is 200 volwassenes, dit wil sê, 100 vroulike en 100 manlike proefpersone gebruik. Dit is mense wat ouer as 45 jaar is. Verder is 200 jeugdige as proefpersone gebruik; dit wil sê, 100 vroulike en 100 manlike proefpersone. Hieronder in tabel 1, word die frekwensie van die groetpatrone wat deur volwasse Isizulu-moedertaalsprekers gebruik word, volgens die bevindings van die ondersoek, weergegee.

G.Patroon	geslag	Ouderdom	stadsblootstelling	gespreksgenoot	persent
Sanibona-ninjani	Vroulik	Ouer as 45	Platteland en	Gelyke status	35
	Manlik	jaar	dorp/stad	en bekendes	37
Sanibona + noemnaam	Vroulik	Ouer as 45	Platteland en	Gelyke status	18
	Manlik	jaar	dorp/stad	en bekendes	24
Sanibona + ampstitel	Vroulik	Ouer as 45	Platteland en	Gelyke status	29
	Manlik	jaar	dorp/stad	en bekendes	9
Kunjani as groet	Vroulik	Ouer as 45	Platteland en	Kollegas,	4
	Manlik	jaar	dorp/stad	gelyke & hoër status	21
Kunjani-ninjani	Vroulik	Ouer as 45	Platteland en	Gelyke status	5
	Manlik	jaar	dorp/stad	en ouderdom	7
Ander	Vroulik	Ouer as			9
	Manlik	45			2

Tabel 1

3.5.1. Sanibona

Gedurende die data-insameling is bevind dat 'n groot aantal van die sprekers die groetwoord “*sanibona*” gebruik. Ter wille van die mense wie se moedertaal nie Isizulu is nie, asook die mense wie se Isizulu-taalgebruik nie kompetent is nie, moet hierdie groetwoord en die ander, miskien verduidelik word. Hierdie groetwoord “*sanibona*” is in die meervoudsvorm. Die deel van die prefikse “*sa-*”,

staan vir die eerste persoon “ons”, en “-ni-” staan vir die tweede persoon “julle”. Die groetwoord word egter in enige situasie, ook waar slegs een persoon groet en gegroet word, gebruik. In ’n bostaande paragraaf is die bewering gemaak dat die Zulu’s groet as ’n kulturele aktiwiteit beskou. Binne die Zulu-kultuur moet daar dus gegroet word. Mnr. Reginald Siphon Khumalo wat vir baie jare vir die S.A.U.K., UKHOZI FM, gewerk het, is in verband met wat vir die Zulu’s kultureel is, geraadpleeg. Sy kennis van Isizulu en die kultuur van die Zulu’s is diep en wyd. Hy is die skrywer van die boek *Kuchithek’ Uphoko* wat oor die oorsprong en die geskiedenis van Zulu-vanne handel. Meneer Khumalo, toe hy in verband met die Zulu-groetroetine geraadpleeg is, het gesê die persoon wat die groetwoord “sanibona” gebruik, doen dit namens al sy familie-/stammense; beide die lewendes en die oorledenes. Dieselfde geld vir die een wat gegroet word. ’n Direkte vertaling van “sanibona” kan “Ons groet julle” wees.

Volgens die ondersoek wat gedoen is, is die groetwoord “sanibona” die mees gebruikte groetpatroon onder die Zulu’s, veral onder die volwassenes. Van die proefpersone gebruik 36% hierdie groetwoord. Hierdie groetwoord “sanibona” kan ’n titel voorafgaan, al is dit nie gebruiklik nie, bv “Sanibona nkosazana”, dit wil sê, “goeiemôre/-middag/-naand juffrou”. Hierdie voorbeeld vergelyk goed met die Afrikaanse groetroetine waar die groetwoord “goeiemôre” die titel voorafgaan, bv in “goeiemôre Meneer/ Mevrou”. Die verskynsel waar die groetwoord “sanibona” ’n titel voorafgaan, is tussen mense wat nie vriende is nie, waargeneem. Anders gestel, die volledige groetwoord “sanibona” wat dadelik deur ’n titel gevolg word, word deur mense tussen wie die sosiale afstand effens groot is, gebruik soos wat volgens die Bulge-teorie verwag kan word. Die “sanibona”-groetvorm is dus formeel. Wat verder vasgestel is, is dat hierdie groetvorm gebruik word in situasies waar die gespreksgenote mekaar óf nie ken nie óf mekaar ken, maar hulle nie vriende is nie.

Wat vasgestel is, was dat die aangesprokene terug groet deur te sê “yebo” of “yebo sanibona”. Hierdie soort respons kom gewoonlik van die volwassenes van die platteland af. Vir hulle maak dit geen saak of hulle jou ken of nie. Hulle groet jou volledig. Hulle gaan aan om te vra “ninjani?”. Daar is ’n geringe verskil tussen hulle

en die volwassenes van gelyke ouderdom wat op die dorpe woon. Vir hierdie laasgenoemde groep is dit gewoonlik genoeg om “*sanibona*” te sê en dan dadelik met ’n gesprek te begin. Soos die groetwoord “*sanibona*”, is die woord “*ninjani*” ook in die meervoudsvorm. Op die platteland word dit so in die meervoudsvorm gebruik. Op die dorpe en in die stede gebruik die sprekers gewoonlik “*sawubona*”, “*unjani?*”, dit wil sê, in die enkelvoudsvorm.

3.5.2. *Sanibona* & noemnaam.

Die frekwensie van die gebruik van hierdie groetpatroon “*sanibona*” dadelik deur die noemnaam gevolg, is hoog onder die mense wat ouer as 45 jaar is. Volgens tabel 1 hierbo, is die gebruik van “*sanibona* + noemnaam” 21%. Die mense wat hierdie groetpatroon gebruik, is klaarblyklik die mense van gelyke ouderdom en status wat mekaar ken en gewoonlik óf vriende óf familielede is.

Bv. “*Sawubona Sizwe. Kunjani?*”

Wat die ondersoek vasgestel het, is dat die Zulu’s, onder sekere omstandighede, óf die van óf die klannaam van die gespreksgenoot in plaas van die noemnaam gebruik as hulle groet.

Bv. *Sanibona Khumalo. Ninjani? Of*

Sanibona Mntungwa. Ninjani? (Mntungwa is die klannaam.)

Wat uit die navorsing duidelik is, is dat daar altyd ’n gevoel van intimiteit is waar die groetwoord “*sanibona*” dadelik deur óf die noemnaam óf deur die van gevolg word. Wat gewoonlik daarop volg is “*kunjani of ninjani?*” Hierdie “*ninjani*” verwys direk na intimiteit en bevestig die Bulge-teorie se kwalitatiewe verskil tussen die spraakgedrag van die intieme gespreksgenote, en nie-intieme gespreksgenote.

3.5.3. *Sanibona* + ampstitel

Wat tot dusver duidelik is, is die feit dat die groetwoord “*sanibona*” ’n sentrale rol in die Isizulu groetroetine speel. ’n Ander geval waar “*sanibona*” nog na vore kom, is waar dit saam met ampstitel/posisie gebruik word. Hierdie verskynsel is by die werksplekke soos die skole en die polisiekantore wat besoek is, waargeneem. Dit is kollegas wat hierdie groetpatroon gebruik wanneer hulle binne die werksituasies groet. Die mense wat hierdie groetpatroon gebruik, is klaarblyklik mense wat mekaar ken en is bewus van die ampstposisie wat die gespreksgenote beklee. Die voorbeelde

wat opgeteken is, is voorbeelde soos; “*Sawubona Mphathi*” (Goeiemôre Hoof) en “*Sawubona Sayitsheni*” (Goeiemôre Sersant).

Die groetwoord “*sanibona*” kan gewoonlik afwissellend met “*sawubona*”, dit wil sê, in `n enkelvoudige vorm, gebruik word. “*Ninjani/unjani*” word nie noodwendig in hierdie werksituasie verwag nie. Vriendskap en bekendheid tussen die gespreksgenote speel geen groot rol hier nie. Dit is slegs die pure gees van kollegialiteit wat hier heers. In vergelyking met die vroulike kollegas, gebruik die manlike gespreksgenote hierdie patroon “*sanibona + ampstite!*” meer, volgens die bevindings van die ondersoek.

Die groetrigting is gewoonlik van die junior personeel na die senior personeel. In die werksituasie, veral by polisiekantore, vergeet die een wat groet nie om die ampstite/posisie te meld nie. Al is die aantal polisievrue bietjie kleiner in vergelyking met die polisiemanne, is die taalgedrag van die vroue wat wel in die polisie is, dieselfde as dié van die polisiemanne. Wat in die werksituasies, veral in die polisiekantore bevind is, is die feit dat die sosiale afstand tussen die gespreksgenote, soos die Bulge-teorie beweer, die groetrigting bepaal asook die woorde wat gebruik kan word. Soos hierbo reeds gesê is, is “*ninjani*” nie kort na “*Sanibona Sayitsheni*” in die werksituasie gehoor nie. Dit wat Livingston et al. (Wolfson; 1989:67). “The notion of face” noem, speel `n groot rol hier. Die mense wat “*unjani/ninjani*” vra, is die mense wat verder wou gesels of die mense met sekere verhoudings behalwe kollegialiteit. `n Ander verskynsel wat goed vergelyk kan word met “*sanibona*” is waar die spreker sê, “*sinibonile*”. Dié is `n ander groetpatroon wat presies soos “*sanibona*” werk. `n Direkte Afrikaans vertaling van “*sinibonile*” kan “ek het julle gesien”, wees; dit wil sê, asof dit na die verlede verwys. Die mate waarin “*sinibonile*” gebruik is, is baie laag en is in Tabel 1 ingesluit onder “Ander”.

3.5.4. **Kunjani**

“*Kunjani*” as `n groetvorm in Isizulu word in Afrikaans getref as “hoe gaan dit?” Die gebruik van “*kunjani*” word veral in die besige werksituasies en veral in dorpe en stede aangetref. Wat opmerklik is, is dat dié uiting nie `n vraag is wat slegs gebruik kan word om by die aangesprokene uit te vind hoe dit met hom/haar gaan nie. Dit is dikwels bloot `n ander vorm van begroeting soos “*sawubona*”. Nadat die spreker “*kunjani*” geuiter het, wag hy/sy nie vir die antwoord nie. Volgens wat die ondersoek vasgestel het, is die aangesprokene altyd `n bekende persoon van gelyke ouderdom as

die spreker. Verder het die ondersoek bevind dat beide die volwassenes en die jeugdige “*kunjani*” as `n groetpatroon gebruik. Hierdie groetpatroon vergelyk goed met “*hoesit*” en “*hoe gaan dit*”, soos dit reeds gesê is. In `n geval waar die aangesprokene responder, sê hy/sy “*ku-right*”. Hierdie “*ku-right*” meen “dit gaan goed”. Wat die ondersoek bevind het, is dat “*ku-right*” sommer `n teruggroet is want kort hierna begin ander aangesprokenes om te sê hoe hulle aan hier en dit ly.

Wat die ondersoek onder die volwassenes vasgestel het, is die tendens onder geleerdes om die enkelvoudige “*sawubona*” te gebruik. Soos reeds gesê is, gebruik die Zulus gewoonlik die meervoudsvorm “*sanibona*”.

Wat verder waargeneem is, is die feit dat die skoolsituasie nie soos die polisiekantoor situasie ten opsigte van die groetritueel is nie. In die polisiekantore gebruik die gesprekgenote die ampstitel altyd as hulle groet.

by Môre Sersant.

Naand Konstabel

Die rigting van groet was gewoonlik van die junior personeel na die senior personeel. In daardie werksituasie vergeet die een wat groet nie om die ampstitel te meld nie. Dit is beide die Swart (Zulu) nie-moedertaal Afrikaanssprekers en die Afrikaans-moedertaalsprekers, veral die ouer lede van die personeel, wat so groet.

Wat vasgestel is, is die feit dat die sosiale afstand tussen die gesprekgenote, veral by die polisiekantoor, die woorde wat gebruik kan word en ook die rigting van groet, bepaal soos die Bulge-teorie aandui. Onder hierdie ontmoetingsituasie het slegs 5 mense gevra “Hoe gaan dit?” dit wil sê, na die “Môre Sersant/Hoof” groet. Wat Livingston et al in Wolfson (1989:67) “The notion of face” noem, speel `n groot rol hier. Die mense wat “Hoe gaan dit?” gevra het, is die mense wat verder wou gesels of die mense met sekere verhoudings anders as kollegialiteit. Die ander groep wat as proefpersone gebruik is, was die Isizulu-moedertaalsprekende jeug jonger as 25 jaar. Hier onder volg `n tabel wat die analise van hulle groetpatroon-taalgebruik illustreer.

G.Patroon	geslag	ouderdom	gespreksgenoot	persentasie
Sawubona	Vroulik	Jonger as 25	Volwassetes nie-	20
	Manlik	jaar	bekendes	10
Heita	Vroulik	Jonger as 25	Gelyke ouderdom	2
	Manlik	jaar	en bekendes	30
Haai	Vroulik	Jonger as 25	Gelyke ouderdom	35
	Manlik	jaar	en bekendes	16
Hoesit	Vroulik	Jonger as 25	Gelyke ouderdom	1
	Manlik	jaar	en bekendes	29
Hallo	Vroulik	Jonger as 25	Ouers&vriende en	16
	Manlik	jaar	bekendes	8
Kunjani	Vroulik	Jonger as 25	Gelyke ouderdom	5
	Manlik	jaar	en bekendes	4
Ander	Vroulik	Jonger as 25		1
	Manlik	jaar		3

Tabel 2

3.5.5. Sawubona

Volgens Tabel 2 hierbo is die groetpatroon “*sawubona*” op ’n relatiewe hoë frekwensie gebruik; dit wil sê, deur beide die manlike en die vroulike jeug proefpersone. Vir die Isizulu moedertaal jeugde, is die groetpatroon “*sawubona*” ’n hofsaklike groetpatroon. Hulle gebruik dit as hulle volwassetes, persone in magsoosposies, niebekendes en ander jeugdiges wat nie aan hulle bekend is nie, groet. Meer vroulike jeugdiges as manlikes gebruik die groetpatroon “*sawubona*”. Dit sou miskien kon suggereer dat die vroulike jeugdiges meer respekvol is in vergelyking met die manlike jeugdiges.

3.5.6. Heita

Dié is ’n populêre groetpatroon onder die jeugdiges, veral die manlike jeugdiges. Soos dit in Tabel 2 hierbo vasgestel kan word, is daar ’n baie klein aantal van die vroulike jeugdiges wat hierdie groetpatroon gebruik wanneer hulle groet. “Heita” is ’n tsotsitaal-groetpatroon, word beweer. Dit word met die dorpsjapies en jeugdiges geassosieer. Dit is seuns wat hierdie groetpatroon gewoonlik gebruik. Hulle gebruik dit as hulle gespreksgenote van gelyke ouderdom ontmoet en groet. Hierdie

groetpatroon word, in die algemeen, tussen vriende en bekendes gebruik. Dit moet gesê word dat dit nie slegs die jeug is wat hierdie groetvorm “heita” gebruik nie. Selfs middeljarige manlikes gebruik hierdie groetpatroon as hulle gespreksgenote van gelyke ouderdom as hulle ontmoet en groet. Die manlike jeugdiges van die platteland gebruik hierdie groetpatroon, al is dit in `n geringer mate. Daar word gesê dat die volwassenes van die platteland nie daarvan wil hoor dat die plattelandse jeugdiges dié tsotsitaal “heita” gebruik nie. Hulle haat tsotsi-element binne die plattelandse gemeenskap.

3.5.7. Haai

Beide die manlike en die vroulike jeugdiges gebruik die groetpatroon “haai” wanneer hulle hulle vriende, bekendes en ook hulle ouers groet. Die mate waarin hulle dit gebruik is nie dieselfde nie. Die meisies gebruik “haai” meer as die seuns. Toe gevra is waarom die meisies die groetpatroon “haai” in `n hoër mate gebruik, het sommige meisies sommer gesê, “...dis cool om “haai” te gebruik”. Die meisies beweer dit is hofliker om “haai” in vergelyking met “heita” te gebruik. Die gespreksgenote gebruik “haai” gewoonlik met noemnaam of titel, bv Haai Derek! of Haai ma!

3.5.8. Hoesit

Die frekwensie waarin die groetpatroon “hoesit” gebruik is, is baie hoog, veral onder die seuns. Slegs een persent van die vroulike proefpersone wat “hoesit” as groetpatroon gebruik, is aangeteken. Hierdie patroon word tussen gespreksgenote van gelyke ouderdom gebruik. In die algemeen is die gespreksgenote wat so groet, vriende en bekendes. Kort na “hoesit”, kom natuurlik nóg “hoe gaan dit” nóg “kunjani” voor. Die mate waarin “hoesit” met `n noemnaam gebruik is, is baie laag. Hierdie groetpatroon werk presies soos “heita” hierbo.

3.5.9. Hallo

“Hallo”, as `n groetpatroon, is een van die mees gebruikte groetpatrone, maar toe data onder die Swart jeugdiges ingesamel is, is vasgestel dat hierdie groetpatroon nie meer populêr is nie. Die plek hiervan word veral deur “haai” ingeneem. Die ondersoek moes probeer om uit te vind waarom die mense, veral die jeug, “hallo” nie meer gebruik soos dit in die verlede gebeur het nie. Die antwoord wat verkry is, is dat “hallo” gebruik word maar slegs as `n mens `n telefoon beantwoord. Indien “hallo”

gebruik word, word dit volgens die gegewens wat ingewin is, gewoonlik saam met die naam van die aangesprokene gebruik. Dit word gewoonlik tussen gespreksgenote wat mekaar ken, gebruik. Sowel ouers as kinders gebruik “hallo” wanneer hulle groet al gebeur dit slegs as die verhoudings tussen hulle goed is.

3.5.10. Ninjani/ kunjani

“Ninjani?” word min of meer soortgelyk aan “hoe gaan dit?” in Afrikaans gebruik. In die omgangstaal kom hierdie “kunjani/ninjani” kort na “sawubona”. In die ontmoetingsituasies waar die gespreksgenote besig en haastig is, gebruik hulle hierdie “unjani/ninjani/kunjani” as ’n groetvorm. ’n Geringe verskil tussen die gebruik van “ninjani” en “kunjani” is die feit dat die persoon wat met die gebruik van “ninjani” aangespreek word gewoonlik bekende volwassenes asook jeugdige is.

3.6. Afrikaanse groetroetine-analise

Soos in paragraaf 3.5 hierbo gesien is, is 200 volwasse Afrikaanse moedertaalsprekers, dit wil sê 100 vroulike en 100 manlike proefpersone gebruik. Dit is mense wat meer as 45 jaar oud is. Verder is 200 jeugdige Afrikaans moedertaalsprekers, dit wil sê 100 vroulike en 100 manlike proefjeugdige se groetroetine geanaliseer. Hieronder staan Tabel 3 waarin die frekwensie, volgens die bevindings van die ondersoek, van groetpatrone wat deur die Afrikaanse moedertaalsprekers gebruik is, uiteengesit word.

G.patroon	Geslag	Ouderdom	Gespreksgenote	Persentasie
Môre	Vroulik	Ouer as 45	Enige ouerdo	19
	Manlik	jaar	En status	29
Goeiemôre + Titel	Vroulik	Ouer as 45	Veral	12
	Manlik	jaar	niebekendes	9
Môre + noemnaam	Vroulik	Ouer as 45	Bekendes	9
	Manlik	jaar		11
Hoe gaan dit	Vroulik	Ouer as 45	Bekendes + nie-	10
	Manlik	jaar	bekendes	21
Hallo	Vroulik	Ouer as 45	Bekendes +	20
	Manlik	jaar	gelyke ouderdom	9

Haai	Vroulik	Ouer as 45	Gelyke ouerd.	18
	Manlik	jaar	Bekendes	8
Môre + ampstittel	Vroulik	Ouer as 45	Kollegas +	8
	Manlik	jaar	bekendes	6
Ander	Vroulik			7
	Manlik			4

Tabel 3

Wat dadelik uitgewys moet word, is dat dit nie altyd maklik was om data onder die Afrikaanse moedertaalsprekers in te samel nie. Die rede is, dat die Blankes veronderstel dat al die Swartmense Afrikaans nie kan en wil praat nie. Orals waar die moedertaalsprekers met ander rasse en met mense wat hulle nie ken nie, praat, gebruik hulle Engels wanneer hulle kommunikeer. Dit het die ondersoek met ander woorde om data by proefpersone in te samel bietjie moeiliker gemaak. Om hierdie probleem op te los, moes met een persoon na die ander gesels word. Dit het dus lank geneem om data onder die Afrikaanse moedertaalsprekers in te samel. Tabel 3 hierbo verwys na die groetwoorde en die frekwensie waarop hulle gebruik is, dit wil sê, deur volwassene Afrikaans moedertaalsprekers.

3.6.1. Môre

Die groetwoord “môre” is die mees gebruikte groetpatroon onder volwassenes ouer as 45 jaar. Die gebruik van hierdie patroon is 24%. Die sprekers gebruik hierdie groetwoord om aangesprokenes van enige ouderdom en status te groet. Môre word op 'n hoë frekwensie onder die mense wat mekaar ken, gebruik. Die ondersoek het vasgestel dat sommige amptenare van gelyke magposisies in die werksituasies soos die skole en polisiekantore soos volg groet:-

“Môre Willem !”

“Naand Nomsa!”

Die “hoe gaan dit”, dit wil sê, kort na hierdie groetpatroon, kom nie op hoë frekwensie voor nie. Wat die ondersoek bevind het, is dat dit voorkom waar en wanneer die geleentheid dit toelaat dat die gespreksgenote verder groet deur “Hoe gaan dit?” te vra.

3.6.2. Goeiemôre + Titel

Hierdie verskynsel is in die werksituasies soos skole en die polisiekantore waargeneem. Die omgewing en die ontmoetingsituasie was formeel. Die gebruik van hierdie groetpatroon by die polisiekantoor, was tussen die polisiepersoneel en die lede van die gemeenskap, die kliënte. Die groetrigting is gewoonlik van die personeel na die kliënt. Die kliënt repondeer dan deur “Naand sersant” of “Môre sersant” te uiter. Wat baie belangrik is om hier te vermeld, is dat die Swart ongeleerde mense baie daarvan hou om na enige polisieman as “sersant” te verwys wanneer gegroet word. Onder die lede van die polisiepersoneel, is die groetrigting vanaf die junior personeel na die senior personeel, bv. “Goeiemôre Kaptein”

Waar die personeel die kliënt groet, vra hy/sy “Kan ek help?/ Kan ek jou help?” in plaas daarvan om te vra “Hoe gaan dit?” Wat die ondersoek vasgestel het, is dat hierdie groetpatroon ook tussen gespreksgenote wat nie bekendes is nie, plaasvind, daarom gebruik hulle die titel. Daar is geen intimiteit in hierdie soort groet nie. Die gebruik van hierdie groetpatroon, veral in die werksituasies, word gewoonlik nie deur “Hoe gaan dit?” gevolg nie. Die gebruik van “Goeiemôre + titel/ampsposisie” deur beide vroulike en die manlike aangesprokendes, is 11% volgens die bevindings van die ondersoek.

3.6.3. Môre + noemnaam

Onder die bekendes is hierdie groetpatroon “Môre + noemnaam” baie algemeen. Volgens Tabel 3 hierbo is die gebruik van hierdie groetpatroon, “Môre + noemnaam”, 10%. Vroulike en manlike Afrikaanse moedertaalsprekers gebruik hierdie groetpatroon eweveel. Dit is nie slegs onder sommige amptenare van gelyke magsposisies in die werksituasies waar hierdie groetpatroon gebruik word nie. Buite die werksituasies of amptelike situasies uiter die bekendes, byvoorbeeld, “Môre Piet!” wanneer hulle mekaar groet.

Die groetrigting kom van enige gespreksgenoot af. Daar moet weer daarop gewys word dat die Afrikaanse moedertaalsprekers slegs die voornaam of die noemnaam gebruik, as hulle hierdie groetpatroon gebruik. Dit is nie soos wat die ondersoek in Isizulu bevind het nie. Die Isizulu-moedertaalsprekers gebruik noemname, maar hulle hou baie daarvan om die van of die klannaam te gebruik.

“Sanibona Khabazela”; d.w.s, “Môre/naand Khabazela”

“Khabazela” is die klannaam van “Mkhize”. Kort na hierdie groetvorm kom óf die gesprek óf die “Hoe gaan dit?”

3.6.4. Móre + ampstitel

Hierdie groetpatroon is onder bekendes spesifiek in die werksituasies waargeneem. Soos dit onder die Isizulu-moedertaalsprekers waargeneem is, word hierdie groetpatroon meer in die polisiekantore gebruik. Die rigting van groet is in `n hoë mate van die junior na die senior amptenare. Die verband hier is kollegialiteit, dit wil sê ongeag van watter ras die gespreksgenote is.

Bv “Móre Sersant” (Wit of swart spreker)

“Goeienaand Inspekteur” (Swart of wit spreker)

Kort na die uiting “Móre Sersant” wag óf die spreker óf die aangesprokene nie vir “Hoe gaan dit?” nie, maar diegene wat verder wou gesels en genoeg tyd het om dit te doen, groet verder deur “Hoe gaan dit?” uit te spreek. Die groetvorm “Móre + ampstitel” kan afwisselend vir “Móre meneer” gebruik word. Die frekwensie waarteen hierdie groetpatroon gebruik is, is 11%.

Die ander groepie wat as proefpersone gebruik is, is die jeugdige Afrikaanse moedertaalsprekers, soos reeds hierbo genoem.

Groetpatroon	Geslag	Ouderdom	Aangesprokene	Persentasie
Móre	Vroulik	Jonger as 25	Niebekendes	19
	Manlik	jaar	Bekendes	21
Goeiemóre	Vroulik	Jonger as 25	Hoë status	19
	Manlik	jaar	Bekendes	15
Haai	Vroulik	Jonger as 25	Vriende	29
	Manlik	jaar	Gelyke ouderdom	21
Hallo	Vroulik	Jonger as 25	Gelyke ouderdom.	25
	Manlik	jaar	Vriende	20
Hoesit	Vroulik	Jonger as 25	Gelyke ouderdom	0
	Manlik	jaar	Vriende	6
Hoe gaan dit	Vroulik	Jonger as 25	Gelyke ouderdom.	5
	manlik	jaar	Vriende	11
Ander	Manlik	Jonger as 25		3
	Vroulik	jaar		6

Tabel 4

200 jeugdige Afrikaans-moedertaalsprekers is hier as proefpersone gebruik. Dié is vergelyk met die jeugdige Isizulu-moedertaalsprekers asook volwassene Afrikaans-moedertaalsprekers.

3.6.5. Môre by jeugdiges

Volgens die bevindings van die ondersoek gebruik Afrikaanse jeugdige moedertaalsprekers die groetpatroon “Môre” as hulle hulle bekendes soos hulle ouers, broers en susters groet. Hulle gebruik dit ook as hulle hulle onderwysers groet. Hulle gebruik dit gewoonlik met die noemnaam.

Bv. “Môre Piet.”

Die frekwensie van die gebruik van hierdie groetwoord deur beide die vroulike en die manlike proefpersone is 20%. Dit is in vergelyking ongeveer dieselfde as wat onder die volwassenes in tabel 3 hierbo gereflekteer word.

3.6.6. Goeiemôre

Die bevindings van die ondersoek is dat “goeiemôre”, as `n groetpatroon, min of meer `n formele groetpatroon is. Dit is ook volgens wat waargeneem is die geval met die soortgelyke vorme “goeiemiddag” en “goeienaand”, maar omdat die data hoofsaaklik in die oggend ingesamel is, is slegs “goeiemôre” in die data ingesluit. Die spreker gebruik “goeiemôre” as hy/sy bekendes sowel as niebekendes groet. Dit word ook gebruik om amptenare in amptelike situasies te groet. Kort na die uiter van hierdie groetwoord, kom dadelik óf die naam óf die ampstitel van die aangesprokene.

Bv. “Goeiemôre Sersant”

Kort na die uiter van hierdie groetwoord kan “Hoe gaan dit?” volg. `n Ander verskynsel is waar “Hoe gaan dit?” gebruik word om `n gesprekkie aan te knoop. Die ondersoek het bevind dat die frekwensie van die gebruik van hierdie groetpatroon, “goeiemôre”, 17% van al die verskillende gebruikte groetvorme vorm.

3.6.7. Haai

“Haai” is `n populêre groetwoord veral onder die jeug volgens die bevindings van die ondersoek. Die ondersoek het ook bevind dat meer vroulike jeugdiges hierdie groetvorm “haai” gebruik in vergelyking met die manlike jeugdiges. Van die vroulike jeugdiges gebruik 29% “haai” wanneer hulle hulle vriende, hulle familelede en hulle

bekendes groet. Slegs 21% van die manlike jeugdiges gebruik “haai” in soortgelyke omstandighede.

Die groetwoord “haai” gaan gewoonlik gepaard met die naam van die aangesprokene

Bv. “Haai, Pa/Ma”

“Haai Siphó”

Die frekwensie van die gebruik van hierdie groetpatroon “haai” in vergelyking met ander groetpatrone, is 25%.

3.6.8. Hallo

Die groetpatroon “hallo” werk min of meer soos “haai” hierbo. Soos wat onder die volwassenes bevind is, is die aangesprokenes by die Afrikaanse moedertaalsprekers hulle vriende, broers en susters, bekendes en ander jeugdiges van gelyke ouderdom. Die frekwensie waarop “hallo” onder die jeugdiges gebruik is, is 25% van al die groetvorme. Soos dit in die gebruik van “haai” bevind is, het die ondersoek bevind dat meer vroulike jeugdiges as manlike jeugdiges “hallo” gebruik as en wanneer hulle groet. Soos met “haai” word “hallo” deur name vergesel.

Bv. “Hallo Sizwe”

“Hallo Ma/Pa”

3.6.9. Hoesit

Daar is ’n interresante verskynsel wat tydens die ondersoek waargeneem is in verband met die gebruik van “hoesit” as ’n groetpatroon deur die Afrikaanse moedertaalsprekende jeug. Wat die ondersoek bevind het, is dat die jeugdige Afrikaanse vroulike moedertaalsprekers nie “hoesit” gebruik nie. By verdere navraag waarom die vroulike jeugdiges nie “hoesit” gebruik nie, het sommige proefpersone beweer dat dit tsotsitaal is wat slegs deur die tsotsis gebruik kan word. Daar is dus min of meer ’n vooroordeel teenoor diegene wat “hoesit” gebruik. In ’n sekere mate is dit totaal onhoflik om “hoesit” te gebruik wanneer jy ’n vroulike persoon groet. Aan die ander kant, het die ondersoek bevind dat seuns “hoesit” gebruik wanneer hulle groet. Wat hier in aggeneem moet word, is dat die aangesprokenes oor die algemeen, Swart jeugdiges was, wat nie Afrikaansmoedertaalsprekers is nie. Die frekwensie waarop “hoesit” deur die jeugdige Afrikaanse moedertaalsprekers gebruik is, is 6%. Dit lyk asof die manlike jeugdige Afrikaanse moedertaalsprekers ’n poging aanwend om óf die Swart jeugdiges te akkommodeer óf om deur die Swart jeugdiges

geakkommodeer te word. As dit so is, dan is dit gelukkig want hierdie groep jongmense gaan deesdae na dieselfde skole, bly nou saam in die dorpe en speel ook saam in die parke en op die sportvelde. Op hierdie wyse breek die taal, soos baie ander faktore, die sosiale grense af waarvan in die eerste hoofstuk gepraat is.

3.6.10. Hoe gaan dit?

Hierdie groetvorm in Afrikaans word in Isizulu aangetref as “*kunjani*”. Die gebruik van “Hoe gaan dit?” word veral in die besige dorpe en stede aangetref. Opmerklik is dat dié uiting nie ’n vraag is wat slegs gebruik kan word om by die aangesprokene uit te vind hoe dit met hom/haar gaan nie. Dit is dikwels bloot ’n ander vorm van begroeting soos “Goeiemôre/goeienaand, ens”. Nadat die spreker “Hoe gaan dit?” geuiter het, wag hy/sy nie vir ’n antwoord nie. Volgens wat die ondersoek vasgestel het, is die aangesprokene altyd ’n bekende persoon van gelyke ouderdom as die spreker. Die ontmoetingsituasies waar “Hoe gaan dit?” gewoonlik gebruik is, is informeel. Volgens die bevindings van die ondersoek gebruik beide vroulike en manlike jeugdige Afrikaanse moedertaalsprekers die groetroetine “Hoe gaan dit?”. Die hoofverskil lê in die frekwensie waarop hulle dit gebruik. Seuns gebruik “Hoe gaan dit?” meer as meisies.

Die groetpatrone wat in Tabela 1, 2, 3 en 4 verskyn, is nie die enigste groetpatrone nie. Daar is baie ander. Wat hier verskyn, is die vernaamste en die mees gebruikte groetpatrone. In Tabel 1, 2, 3 en 4 is daar 6%; 2%; 6%; en 5%, onderskeidelik, wat die gebruik van ander patrone aandui. Hierdie groetpatrone word egter nie gespesifiseer nie omdat hulle so selde voorkom en nie wesenlik van belang is vir ’n studie wat die belangrikste groetvorme wil ondersoek nie. Daar is wel ander groetpatrone soos waar die manlike gespreksgenote sommer “*baba!*” uiter wanneer hulle mekaar groet. Die aangesprokene respondeer deur “*kunjani*”, “*ninjani*” of “*hoesit*” te sê. ’n Ander een is waar die spreker óf die van óf die klannaam van die aangesprokene noem.

Bv “*Mtungwa!*” vir *Khumalo* of sommer

“*Khumalo!*”

Dit is belangrik om hier in gedagte te hou dat die aangesprokene dit goed verstaan dat hy gegroet word; dit wil sê as hy ’n Isizulu-moedertaalspreker is. Afrikaanssprekendes gebruik weer soms aanspreekvorme soos “*Dagsê!*”.

3.7. Data-insamelingsprobleme

Een van die probleme die taalgedragnavorsers het, is die feit dat mense wat mekaar nie ken nie, gewoonlik nie praat nie. As hulle iets sê, soos wanneer hulle groet, gebruik hulle 'n sekere taal. In hierdie geval gebruik hulle in Suid-Afrika gewoonlik Engels. Dit lyk asof daar 'n vooroordeel is dat die Swart mense Afrikaans nie kan praat nie. As Afrikaans moedertaalsprekendes Afrikaans praat, doen hulle dit slegs met die mense wat hulle weet Afrikaans kan praat. Tydens die ondersoek van die "groetroetine" is nie genoeg data ingesamel sonder om die proefpersone bewus te maak van wat gedoen word nie. Wat in Hoofstuk Een beweer is, dat mense groet en hulle moet dit altyd doen orals waar hulle ontmoet, gebeur nie altyd in werklike ontmoetingsituasies nie. As gevolg van hierdie problematiese situasie is die volgende twee vrae aan beide die Swart Isizulu-moedertaal- en die Blanke Afrikaansmoedertaalsprekers gestel. Die vrae is:-

1. Groet jy 'n vreemdeling waar jy en hy/sy alleen ontmoet? As jy hom/haar nie groet nie,
2. Waarom groet jy hom/haar nie?

Om die twee vrae hierbo te beantwoord, is 50 Afrikaans- en 50 Isizulu-moedertaalsprekers as proefpersone gebruik. Van die 50 Afrikaansmoedertaalsprekende respondente het 46 'n "nee"-antwoord op die eerste vraag gegee. Op die tweede vraag het hulle verskeie antwoorde soos "Dit is nie nodig nie"; "Waarom moet ek?"; "Daar is geen tyd nie." gegee.

Toe gevra is of hulle 'n Swart vreemdeling sou groet of nie, waar en wanneer hulle op 'n een-tot-een-basis ontmoet, het die vroulike respondente met 'n heftige "nee" gerespondeer. Die rede wat hulle aangevoer het, is min of meer slegs een. Hulle beweer hulle is bang vir die Swart mansmense omdat hulle diegene is wat verkrag, vermoor, en diefstal pleeg.

Die Swart respondente by Madadeni, Osizweni en Blaaubosch het op 'n interessante manier gerespondeer. Soos die Afrikaanssprekende respondente aanvaar die Isizulu moedertaalsprekende respondente dat dit ontmoetlik is om elke persoon wat jy ontmoet te groet. Tien van daardie respondente het beweer hulle groet enige manlike vreemdeling wat skrikwekkend is, dit wil sê, wanneer hulle een-tot-een in 'n eensame omgewing ontmoet. Die kwessie van vrees is met ander woorde hier ter sprake. Hulle beweer groetery kan die harde houding van die kwaaddoeners versag. Wat van beide

die Afrikaans en die Isizulu moedertaalsprekende respondente geblyk het, is die feit dat Suid-Afrikaners weens die ongelukkige lewensomstandighede om ander redes groet as die redes wat in Hoofstuk Een geskets is. Waarna die bevindings van die situasie uitwys, is 'n scenario waar die kriminele elemente in ons gemeenskape die taalgedrag of die sosiale gedrag van die gemeenskap determineer.

Op die platteland is 'n probleem van skaars proefpersone ondervind. Gevolglik is besluit om langs die pad na die winkel, min of meer 100 m van die winkel af, te sit en wag. Nadat daar 'n lang tyd daar gesit was, het 20 ou mansmense verby geloop. Geen een van hulle het nie gegroet nie. Hulle het "Sanibona" of "Sinibonile" gebruik om te groet. Agt van hulle het selfs "Ninjani" gebruik. Hulle groetery was spontaan en het natuurlik geklink. Wat onder die dorpenaars waargeneem is, was totaal nie daar nie. Dit was nie slegs mans wat daar verby geloop het nie. Daar het ook 35 vrouens verby geloop. Van hulle het 21 gegroet en verby geloop. Diegene wat gegroet het, was die ouer vroulike persone. Die ander 14 was tussen 21 en 26 jaar oud. Hierdie vrouens het óf met hulle oë op die grond óf met hul koppe in die lug sonder om te groet verby geloop. Toe sommige van hulle gegroet is, het hulle sommer asof hulle nie wou nie lydelik of willoos teruggegroet. Daar is toe besluit om hierdie verskysel verder te ondersoek. 'n Ouerige vrou is derhalwe gestop om van haar af te verneem wat sy dink die rede was waarom die jong dames nie kon/wou groet nie. Haar respons was dat daar niks snaaks was in die jong dames se gedrag nie. Volgens haar, was die jong dames se gedrag aanvaarbaar. Volgens wat sy beweer het, moet die jong dames nie so vry en gelukkig voel om die mansmense te groet en met hulle te gesels nie. Hulle kan maar die ouer mans groet en met hulle gesels.

Daar is 'n klein groep wat nie betrek is nie. Dit is die groep kinders wat nog skoolgangers is. Om daardie groep te betrek, moes dieselfde plek op 'n Saterdag besoek word. Tydens die ondersoek terwyl gesit en wag is, het op die oueinde, 45 kinders verbygeloop. Sommige het in klein groepies geloop. Diegene wat in groter groepies van meer as vyf was, het die ondersoeker nie gegroet nie. Hulle het geselsend en spelend verbygeloop. Daar is 13 "sawubona" groete gehoor. Hierdie "sawubona" is nie deur "ninjani" gevolg nie. Waar daar meer as een verbyganger was, het die groepie by monde van een spreker gegroet. In die algemeen, het die kinders nie so geesdriftig en herhaaldelik soos die volwassenes gegroet het nie.

Dit moet gesê word dat al die groetroetines wat tot dus ver bespreek is, die verbale groetroetines is. Daar is ander groetpatrone wat nie verbaal is nie.

3.8. Nie-verbale groetroetines

In hulle laboratoriumstudie het Krivonos en Knapp(1975:120) nagevors watter verbale en nie-verbale taalgedrag met groetroetines geassoseer word. Hulle het baie nie-verbale groethandeling geïdentifiseer. Sommige van daardie groethandeling is: waai; handgebare; oogwink; lig van wenkbrou/e; glimlag; kopbewegings, ens.

Krivonos en Knapp wys daarop dat verskeie faktore hierdie groethandeling kan beïnvloed. Soos die navorsing waaroor hier verslag gedoen word, bevind het, is geslag, ouderdom, status, bekendheid en vreemdheid, sommige van die faktore waarna Krivonos en Knapp verwys het. Nabyheid of afstand is dus verdere faktore wat nie-verbale groethandeling bepaal.

3.8.1. Soen

Wat hierdie ondersoek opgeneem het, is dat soengroete amper al die verbale groetvorme onder die Afrikaansmoedertaalsprekers vergesel. Soos dit waargeneem is, is om te soen vir die Afrikaanssprekende gemeenskap, nie slegs 'n eenvoudige gewoonte nie. Dit is min of meer deel van hulle kultuur. Die Afrikaanssprekende mans en vrouens soen mekaar as hulle groet. Die Afrikaanssprekende ouers soen hulle kinders as hulle hulle groet. Die Afrikaanssprekende jeug soen mekaar as hulle groet. Dit is waargeneem op die plattelandse dorpe en skole in KwaZulu-Natal waar die ondersoek gedoen is. Dit is waargeneem waar ouers hulle kinders skool toe neem of hulle kom haal, dit wil sê, na skool en ook waar die mans en vrouens hulle eggenote werk toe neem of hulle na ure kom haal. 'n Interessante verskynsel wat eendag naby die gimnastieksaal waargeneem is, was toe 'n vrou wat haar man daar kom aflaai het, hom roep en hom herinner het dat hy vergeet het om te soen. Kort na 'n verskoninkie, het die man aan daardie versoek voldoen. Ek moes Afrikaanssprekende bure raadpleeg om uit te vind wat gebeur as een van hulle van iewers af arriveer; soen hulle of nie? Hulle het gerespondeer deur te sê hulle groet (verbaal) maar vergeet nie om te soen nie. Vir hulle is dit 'n vaste roetine.

My intuïsie as 'n Zoeloe moedertaalsprekende ten opsigte van soenery en begroeting in die algemeen was dat Zoeloes dit nie doen nie maar ek wou nie toelaat dat die resultate van my navorsing deur intuïsie beïnvloed word nie. Tien families by

Madadeni (Swart dorp) is dus besoek net om uit te vind of hulle, soos die Afrikaanssprekende gemeenskap, soen of nie as hulle groet. 'n Geslote vraag is aan hulle gestel. Daardie vraag was:

“Wat doen julle as julle ontmoet? Soen julle of nie?” Die respons van die 8 families was dat hulle nie eens daaraan gedink het nie. Twee van daardie tien families het sommer 'n blote “nee”-antwoord gegee.

As 'n lid van 'n Zoeloe familie werk toe of iewers heen gaan, gaan hy/sy weg sonder om totsiens te sê. As hulle weer ontmoet, groet hulle gewoonlik nie. Hulle groet slegs as een van hulle vir 'n relatief langer tyd as een dag weggaan of weg was. Dit sluit sowel verbale as nie-verbale groethandeling in. Hulle beweer die volwasenes soen mekaar nie voor ander mense nie; veral nie voor die kinders nie. Die soenery, beweer hulle, vind plaas slegs agter die geslote deure van die donker slaapkamers. Dié is die grootste verskil tussen die Afrikaner en die Afrikane se groetroetines. Om voor vreemdelinge of kinders te soen, is, soos dit altyd was, taboe in die Swartmense se groetroetine.

Swart ouma's is wel toegelaat om die kleinkinders te soen as hulle groet. Dit is aanvaarbaar. 'n Ouma groet(soen) die kleinkinders op hul wange as hulle nog jonk is. As hulle oud is, word hulle op die agterste deel van die bokant van die hand gesoen en nie op enige deel van die gesig nie.

Binne die meerkulturele gemeenskape, is pragmatiese oordragte onvermydelik. Die Swart jeug soen nou orals selfs voor volwassenes wat nie hulle biologiese ouers is nie. Dié is 'n dramatiese pragmatiese oordrag van Westerse gebruike op die swart jeug wat die volwassenes kwel. Die mate waarin dit die ou mense kwel, is diep. Dit is so diep dat hulle al die ongelukke wat onder hulle as 'n Swart nasie plaasvind, met hierdie soort pragmatiese oordragte gekoppel word.

3.8.2. Omhelsing

Omhelsing is een van die nie-verbale groetroetines wat veral onder die Blankes waageneem kan word. Die observasie is dat mense wat omhels, mense is met intieme verwantskappe, soos geliefdes. Hulle omhels en soen. Die Swart leiers, veral die politici, omhels as hulle groet. Volgens Khumalo na wie reeds verwys is, was omhelsing nie 'n groetroetine onder die Isizulu moedertaalsprekendes nie. Wat hier

belangrik is, is dat die mense wat omhels as hulle groet, is mense van gewoonlik hoë gelyke status.

3.8.3. Handskud

Handskud is een van die vernaamste groetroetines onder die verskillende Suid-Afrikaanse gemeenskape. Beide die Blankes en die Swartes skud hand wanneer hulle groet. Dit is basies mense wat mekaar ken wat hand skud as hulle groet. Dit gebeur egter dat mense wat mekaar nie ken nie hand skud as een hom-/haarself aan die ander voorstel. Hulle doen dit as hulle “Bly te kenne”(Ngiyabonga ukukwazi) sê. Terwyl observasie ten opsigte van handskud gedoen is, is vasgestel dat moedertaalsprekers van swarttale die handskudbegroeting meer as die Blankes gebruik wanneer hulle groet. Die ander veranderlikes lê tussen die oumense en die jeug, die vroulike en die manlike volwassenes en tussen die jeug van beide die Afrikaanse en Isizulu taalgemeenskape.

In vergelyking met die Afrikaner volwassenes, skud die Isizulu volwassenes meer hand as hulle groet. Die Afrikaanse manlike volwassenes skud hand as hulle mekaar groet. Die Afrikaanse vroulike volwassenes skud nie hand nie, maar die Isizulu vroulike volwassenes skud hand wanneer hulle groet. Die Afrikaans vroulike sprekendes skud gewoonlik nooit hand nie. Die handskud as groet tussen die manlike en die vroulike Isizulu moedertaalsprekende volwassenes wat mekaar nie ken nie, is absoluut onaanvaarbaar. Dit is slegs familieledede of mense wat bloedverwante is wat hand kan skud (ongegag of hulle manlik of vroulik is). Wat hier in aggeneem is, is dat dit nie enige gespreksgenote is wat hand skud as hulle groet nie. Dit word net in die situasie waar die gespreksgenote mekaar ken, gebruik.

Die jeug van beide Afrikaners (Blankes) en die Zulu's (Swartes) skud hand as hulle groet. In vergelyking, skud die Isizulu moedertaalsprekende jeug meer hand as die Afrikaans moedertaalsprekende jeug. Die Isizulu moedertaalsprekende jeug skud minder hand as die Isizulu moedertaal sprekende volwassenes. Die jeug skud hand op 'n verskillende manier as die manier waarop die volwassenes dit doen. Hulle het die Verenigde State van Amerika se handskud aangeneem. Die televisie-uitsendings het 'n groot invloed op die jeug. Intieme verwantskape speel 'n groot rol hier. Wat waargeneem is, is dat dit vriende van gelyke jeugdige ouderdom is wat hulle hande vervat as hulle groet.

HOOFSTUK VIER

4. Samevatting

Hierdie hoofstuk gee 'n samevatting van die bevindinge wat gedurende die ondersoek gedoen is. Die voorwaardes waaronder die twee taalgemeenskape groet, word hier uiteengesit en die groetpatrone wat die jeug en die volwassenes van beide taalgemeenskape gebruik om te groet, word hier bespreek. Hierdie hoofstuk sal ook aandui of die hipotese wat in hoofstuk een gegee is met die bevindings van die ondersoek ooreenstem of nie. In hoofstuk twee is verskillende teorieë gemeld en bespreek. Hierdie hoofstuk sal die verband tussen die teorieë en die praktyk lê.

4.1 Groetpatrone

Enige spraakhandeling in enige gespreksituasie is baie belangrik. Na my mening is groethandeling belangriker as die ander spraakhandeling. Die rede waarom ek so meen, is die feit dat groethandeling enige gesprek inlei. In 'n sekere mate, bepaal die groethandeling die sukses van enige gesprek. Die keuse van die groetpatrone bepaal of beïnvloed die kwaliteit (of gebrek daarvan) van enige ontmoeting en begroetingsituasie.

4.1.1. Intrataalgemeenskaplike-verskille

Die ondersoek het bevind dat taalgebruik tussen die volwassenes en die jeug van dieselfde taalgemeenskap, spesifiek die Isizulumoedertaalsprekende gemeenskap, in 'n groot mate verskil. Die Isizulumoedertaalsprekende volwassenes gebruik byvoorbeeld die formele groetpatrone "*sanibona + ninjani*" die meeste in vergelyking met die ander groetpatrone. In plaas daarvan om 'n formele "*sanibona*" groetpatroon te gebruik, gebruik die jeug die informele enkelvoudige "*sawubona*". Soos Tabel 2 in hoofstuk 3 dit bewys, kwel dit die jeug nie om "*unjani*" te uiter nie. Die ander voorbeeld wat intrataalgemeenskaplike verskille uitdruk, is die gebruik van "haai" as 'n groetpatroon, spesifiek deur die jeug.

Die Swart Isizulumoedertaalsprekende jeug gebruik "haai", die informele groetpatroon wat ook nie Isizulu is nie, die meeste. Daar moet egter gesê word dat dit nie slegs die jeug is wat "haai" as groetpatroon gebruik nie. In 'n

mindere mate, gebruik die geleerde, volwasse gespreksgenote “haai” as en wanneer hulle onder mekaar groet. Hierdie gebruik wys duidelik op die gevolge wat blootstelling aan ander tale en kulture het. Die geleerde Isizulumoedertaalsprekende jeug en die volwassenes wat in die dorpe en lokasies bly, word aan baie ander taalgemeenskape blootgestel. Hierdie blootstelling lei tot beïnvloeding van een taal deur `n ander.

Volgens Tabel 2, is die groetpatrone *heita*; *haai*; *hoesit* en *hullo* die vernaamste en die gebruiklikste groetpatrone onder die Isizulumoedertaalsprekende jeug. Die jongmense gebruik hierdie groetpatrone wanneer die aangesprokene `n ander jongmens is. Volgens die ondersoek, is dit die jeug wat in die stede, dorpe en lokasies bly, wat hierdie bogenoemde groetpatrone gebruik. Wat belangrik is om hier op te let, is dat hierdie groetwoorde basies nie Isizulu-woorde is nie. Die jeug, die sogenaamde Isizulumoedertaalsprekende jeug, gebruik hierdie neemwoorde. Hier word die aspek van blootstelling aan baie ander tale en kulture geïllustreer. Wat ook hier geïllustreer word, is die feit dat kontak tussen verskillende taalgemeenskape groter effekte op die kinders/jeugdige as op die volwassenes van dieselfde taalgemeenskap het. Met spesifieke verwysing na die Isizulumoedertaalsprekende jeug, het taal en kultuurkontak met ander taalgemeenskape groot negatiewe effekte volgens tradisionaliste wat `n suiwer Zulutaal wil behou. Toe aan sommige volwassenes gevra is waarom die swart jeug makliker beïnvloed word om kodes te wissel en roetines wat nie hulle eie is nie te gebruik, het hulle beweer dat die swart jeug neersien op hulle moedertale en aspekte van hulle kulture; dit wil sê, hulle verkies die witmense se tale en kulturele waardes. Hierdie respons is vir my bietjie eenvoudig aangesien dit oppervlakkig is. Dit is eenvoudig en oppervlakkig want dit neem nie die moontlike invloed wat een taal en/of kultuur op die ander in ag kan hê nie. Die (swart)jeug is aan baie ander kulturele aktiwiteite soos die Blankes s'n blootgestel. Die siening van die volwasenes dat die swart jeug op hulle moedertale en aspekte van hulle kulture neersien, kan nie heeltemaal korek wees nie, want as ons sê dat hulle daarop neersien, sal hulle nie hulle taal as bepalend vir hulle kulturele identiteit beskou nie. In `n opname onder studente aan die Universiteit van KwaZulu- Natal het Van der Berg [2004] egter bevind dat die

meerderheid Zulusprekende student taal wel as bepalend vir hulle kulturele identiteit beskou.

My eie ondersoek het bevind dat die Isizulumoedertaalsprekende vroulike volwassenes meer respek en hoflikheid toon in vergelyking met hulle manlike teenhangers. Die vrouens gebruik die informele “*kunjani*” groetpatroon minder as die manlike gespreksgenote. Die gebruik van hierdie groetpatroon is 4% deur die vroulike gespreksgenote en 21% deur die manlike gespreksgenote. Die laasgenoemdes gebruik hierdie groetpatroon selfs as hulle aangesprokenes hulle kollegas is.

4.1.2. Intertaalgemeenskap-verskille

Die ondersoek het bevind dat die Afrikaansmoedertaalsprekende jeug se taalgedrag nie baie afwykend is van die Afrikaanse standaardtaal nie. Soos dit in Tabelle 3 & 4 gesien kan word, gebruik die jeug en die volwassenes baie gewone groetpatrone soos *môre*; *goeiemôre*; *haai* ; *hallo*; ens. Die enigste verskil is waar die jeug, veral die seuns, reeds begin het om die taal te probeer gebruik wat deur die swart jeug gebruik word.

In paragraaf 4.5.1. is die invloed en effekte van kontak tussen verskillende taalgemeenskappe uitgewys. Wat daar gesien kan word, is dat taal en kultuurkontak tussen die witmense in die algemeen, en spesifiek met die Afrikaansmoedertaalsprekers, `n groot effek het, in hierdie geval, op die Isizulumoedertaalsprekers. Tabelle 3 & 4 in hoofstuk 3 wys geen groetpatroon waarvan die oorsprong Isizulu is nie. Dit self, sê iets ten opsigte van die rigting van die effekte van blootstelling tussen die Isizulu en die Afrikaansmoedertaalsprekende gemeenskape. Volgens die ondersoek, is daar geen tekens dat Isizulu enige invloed op Afrikaans het nie.

4.1.3. Groetpatrone en Formaliteit, Respek en Hoflikheid

Formaliteit, respek en hoflikheid gaan gewoonlik saam. Die gebruik van die groetpatroon “*sanibona*” wat kort daarna deur `n ampstitel gevolg word, verwys na respek, formaliteit en hoflikheid, dit wil sê, uit die oogpunt van die moedertaalsprekers. Op dieselfde wyse is die gebruik van “*sanibona + ninjani*”,

soos dit reeds in paragraaf 4.5.1. hierbo gesê is, formeel. Die Afrikaanse groetpatrone soos “goeiemôre + ampstitel” of “goeiemôre” wat kort daarna deur “hoe gaan dit” gevolg word, het dieselfde effek. Die gebruik van die groetpatroon “*sanibona* + ampstitel” deur die Isizulu vroulike en manlike moedertaalsprekers is 29% en 9% onderskeidelik volgens die bevindings van die ondersoek. “*Sanibona* + *ninjani*” is ’n formele gebruik van Isizulu in ’n ontmoetingsituasie. Dat die gebruik van “*sanibona* + *ninjani*” deur die volwassenes die mees gebruikte groetpatroon is, beteken dan dat die volwassenes, in die reël formeel in hulle taalgebruik is.

Die ondersoek het bevind dat die vernaamste groetpatrone onder beide die vroulike en die manlike Isizulumoedertaalsprekende jeug, nie suiwer en standaard Isizulu-groetpatrone is nie. Volgens Tabel 2 in hoofstuk 3 gebruik die jeug die groetpatroon “*sawubona*”. Hulle gebruik dit in plaas van die formele en suiwere gebruik van “*sanibona*” wat deur die volwassenes gebruik word. Wat nog hier in aggeneem moet word, is die feit dat die gebruik van hierdie groetpatroon baie laag is. Dit is 20% en 10% onder die vroulike en manlike Isizulu-moedertaalsprekendes, onderskeidelik. Die ondersoek het bevind dat die jeug hierdie groetpatrone slegs gebruik as hulle die volwassenes groet. Volgens die ondersoek, gebruik hulle dit nie onder mekaar nie. Dit beteken dat die jeug ’n groot neiging het om nie formeel te wees in hulle taalgebruik nie.

4.1.4. Groetpatrone en Identiteit

Volgens die ondersoek, gebruik die jeug “heita” en “haai” in ’n grote mate. Tussen die meisies en die seuns is “heita” 16% gebruik terwyl “haai” 26% gebruik is. Die gebruik van “heita” deur die meisies is 2% terwyl die frekwensie daarvan deur die seuns 30% is. Die plattelandse volwassenes beweer dat die “heita”-groetpatroon tsotsietaal is. As ons hierdie siening aanvaar en dit in ag neem, dan beteken dit dat dit die seuns is wat ’n neiging het om tsotsies na te boots. Anders gestel, die gebruik van “heita” is informeel en ook onhoflik. Aan die anderkant, gebruik die meisies die groetpatroon “haai” ver meer as die seuns. Die meisies se gebruik van hierdie groetpatroon is 35% teenoor 16% deur die seuns. Daar is ’n siening dat die groetpatroon “haai” hoflik en “cool”

is, dit wil sê, soos die ondersoek van die Utrecht Hoërskool- meisies dit bevind het. As hierdie siening reg is, dan verwys die hoë frekwensie (van die gebruik van hierdie groetpatroon deur die meisies) na die “coolheid” van die meisies. Volgens die ondersoek is daar ’n klein aantal van die seuns wat “haai” gebruik. Die seuns gebruik “haai” gewoonlik wanneer hulle respondeer as die meisies groet en ook wanneer hulle die meisies groet.

Volgens wat in Tabel 2 gesien kan word, is die gebruik van “heita” as groetpatroon, min of meer ’n replika is van die gebruik van “hoesit”. Hierdie groetpatroon is ’n groetroetine wat die Swart manlike gespreksgenote, in die algemeen, en spesifiek die Swart manlike jeug gebruik wanneer hulle die gespreksgenote van dieselfde ouderdom groet. Dit werk as ’n amptelike groetroetine onder die manlike jeugdige gespreksgenote. Die kwessie van identiteit kom hier in. Vir jou om deur die jeug te aanvaar word, veral deur die manlike jeug, moet jy hulle taal gebruik. Anders gestel, begroeting deur die gebruik van “hoesit” is ’n ander manier waarop die spreker hom-/haarself aan die besondere jeuggroep voorstel.

In Tabel 2 word die navorsing weergegee oor die groetwoorde wat die swart jeug gebruik. In hierdie tabel verskyn sewe groetwoorde wat die jeug gebruik. Onder hierdie groetwoorde, is slegs twee woorde wat basies Isizulu groetwoorde is. Die vraag wat nou ontstaan, is of dit geregverdig is om na hierdie jeugproefmense as Isizulumoedertaalsprekers te verwys? Behou die huidige geslag swart jeug nog Isizulu as moedertaal of nie meer nie? Wat hierdie vraag laat ontstaan, is getuienis dat die Swart jeug taal gebruik wat hulle ouers nie gebruik nie.

4.2. Stereotipering

In hoofstuk een is stereotipering as een van die Suid-Afrikaanse gemeenskaplike probleme gemeld. Soos dit gestel is, kan stereotipering tussen die Swartmense en die Witmense ’n struikelblok op die weg na versoening en vergiffenis beskou word. Dwarsdeur die ondersoek kan dit nie gesien word dat dit so is. ’n Sterk stereotipering wat opgeneem is, is stereotipering wat intra-kultureel is. Deur die manier waarop die volwassenes groet en hoe die jeug aan die anderkant groet, stereotipeer een groep teenoor die ander. Die oomblik wat die

jeugdige “heita” of “*sawubona*” sê, word hy/sy deur die ander jeugdige of groep óf as `n plaasjapie óf `n dorpsjapie geklassifiseer. Wat hierop volg is dan die kwessie van aanvaardig of afwysing; dit wil sê, deur `n gegewe lid van `n groep of die hele groep self.

Die jeug van die plattelande stereotipeer `n jeugdige wat “heita” gebruik as `n tsotsi wat van die lokasie afkomstig is. In nog `n sterker negatiewe mate, kan hy as `n lid van `n sekere politieke organisasie soos die ANC beskou word. Wat gewoonlik volg, is kwaai woorde wat dikwels tot gevegte en die dood lei. Dit is intra-kultureel. Die taal wat beide groepe jongmense praat, is nie ver van mekaar verwyder nie, maar hulle gebruik hulle eie taalvariante wat nie altyd deur die swart volwassenes verstaan kan word nie. Die swart jeugdige groet op `n manier wat die verhoudings onder/tussen hulle bevestig. Sou mens dan sê dat daar `n groot koue-oorlog tussen die swart jeugdige en die swart volwassenes is? Die jeug wil, soos tydens die ondersoek waargeneem is, geen verhouding tussen hulle en die volwassenes in stand hou nie.

Nadat die data ingesamel is, is senior lede van beide taalgemeenskape verder geraadpleeg, slegs ten opsigte van die onderskeidenheid in hulle groetroetines. Wat bevind is, is die feit dat hulle helder bewus is van mekaar se groethandeling. Hulle verstaan en aanvaar dit sonder enige probleem. Soos hulle beweer, laat die kwessie van stereotipering wat deur die verskil in hulle taalgedragte ontstaan geensins hulle houdings negatief beïnvloed nie. Wat dit dan sê, is, as daar enige negatiewe gevolge van stereotipering is, wat deur enige soort groetery of groethandeling veroorsaak word, dan is daardie stereotipering intrakultureel. Soos dit opgeneem is, is daardie intrakulturele stereotipering sterk onder die Swart jeug. Wat dit dan aantoon, is dat stereotipering nie noodwendig negatief is soos wat dit in die inleiding gestel is nie.

4.3 Spraakhandelingsteorieë

In hoofstuk twee hierbo is na die spraakhandelingsteorieë wat die verskillende teoretici huldig, verwys. Wat opgeneem is, is dat die volwassenes van beide taalgemeenskape, soos dit reeds hierbo gestel is, aanvaar dat daar altyd verskeidenheid is in die verskillende tale se spraakhandelings. Dit geld egter nie

vir die jeug, veral die swart jeug nie. In daardie groep, as jy nie die spraakhandelings van 'n sekere dominante groep gebruik nie, dan kan jy nie in die groep aanvaar word nie. Dit is wat hierbo solidariteit genoem is. Wat bemoedigend hier is, is die feit dat die jeug van beide taalgemeenskappe, besig is om wat toenadering genoem kan word, te soek. Uit Tabel 4 in hoofstuk 3, kan afgelei word dat die blanke jeugdige "heita" gebruik, al is dit in 'n mindere mate. Die taal wat die jeugdige van beide taalgemeenskappe praat is, in die algemeen, min of meer dieselfde. Hulle gebruik taal wat van die standaardvorm van hulle moedertale afwyk. Daardie kodewisselings bepaal wie aan hulle groep behoort as hulle tot die jonger geslag behoort. Die ondersoek se bevindings tot dusver, het groot T-2-onderrigimplikasies, want jongmense moet geleer word dat, behalwe die standaardvorme, daar ook ander groetvorme bestaan waarvan hulle noodwendig sal moet kennis dra, indien hulle deur die betrokke groep aanvaar wil word. Waar die klem in die verlede in die taalonderrig hoofsaaklik op die standaardtaal geval het, behoort daar groter aandag aan die pragmatiese aspek van taalgebruik gegee te word, sodat jongmense in die samelewing waarin hulle hulle bevind, geslaagd kan kommunikeer.

4.4. Die Ooreenkomste

Die duidelike ooreenkoms tussen die Isizulu- en die Afrikaanse taalgemeenskappe is, dat beide taalgemeenskappe, groet. Dit gaan presies soos wat Krivonos en Knapp gesê het dat groetery geritualiseerde gedrag is. Die faktore soos ouderdom, status, en geslag speel groot rolle om te bepaal wie eerste groet. In hoofstuk twee is aangetoon dat onder die Zoeloes, in teenstelling met die gebruik onder die Afrikaners, die aankomeling groet. Hier word verwys na die situasie waar nie een van die gespreksgenote 'n gasheer is nie. In hierdie situasie groet die jonger gespreksgenoot eerste. Dit geld vir beide taalgemeenskappe. Dit is egter nie altyd so nie. As een van die gespreksgenote vroulik is, en die ander gespreksgenoot is manlik, dan groet sy in die Zulukultuur eerste;- geslag is hier bepalend.

In situasies soos die werksituasies, speel status die sentrale rol. Dit weeg swaarder as ouderdom en geslag. In 'n skoolsituasie, byvoorbeeld, waar die hoof manlik en jonger is as sommige van die personeellede wat onder hom

dien, groet hulle (manlik of vroulik) hom eerste, dit wil sê, soos “Môre hoof” of “*sawubona Mphathi*” opgeneem is. Hierdie verskynsel is onder beide taalgemeenskappe opgeneem.

’n Ander ooreenkoms is die handskud-groet. Die frekwensie van handskud-groet onder die vroulike jeugdiges van beide taalgemeenskappe is baie laag. Die manlike jeugdiges van beide taalgemeenskappe gebruik handskudgroet. Hulle gebruik handskudgroet op ’n manier wat hulle van die ouer geslag laat verskil. Daar is baie ander ooreenkomste tussen die twee gemeenskappe se taalgedrag soos onder andere dat die Afrikaanse vroue en Isizulu-moedertaalsprekende vroue nie gewoonlik hande skud as hulle groet nie, veral nie as hulle ’n manlike onbekende gespreksgenote groet.

4.5. Die verskille

Die verskil wat ek dink opvallend is, is dat die gasheer die aankomeling groet; dit wil sê, onder die Isizulu-moedertaalsprekers. Onder die Afrikaans-moedertaalsprekers is dit andersom. Die lede van beide taalgemeenskappe moet hierdie verskeidenheid mooi verstaan om negatiewe stereotipering en misverstand te verhoed.

Die ander opvallende verskil wat tot misverstand en stereotipering kan lei, is in verband met soen-groetery. Die ouer Isizulu-moedertaalsprekers gebruik nie soene as hulle groet nie. Die mense wat soen onder die swartes in die algemeen, is slegs paartjies en hulle doen dit in ’n absoluut privaat plek waar niemand hulle kan gewaar nie. Vir hulle is dit nie ’n handeling van groet nie, maar ’n uitdrukking van liefde. Die manlike Afrikaans-moedertaalsprekers moet dit dan weet om misverstand en stereotipering te verhoed; dit wil sê, in gesprek-/ontmoetingsituasies waar hulle gespreksgenote swart vrouens is. Daar moet dadelik daarop gewys word dat die swart jeug presies soos die witmense in die algemeen, doen. Hulle soen as hulle groet en hulle doen dit orals waar hulle ontmoet. Die frekwensie hiervan, veral onder die jeug wat in die dorpe en lokasies bly, is baie hoog. Die swart jeug wat op die platteland bly, beskou dit as taboe om voor ander mense te soen. Dié is een van baie pragmatiese oordragte waarna in een van die paragrawe hierbo verwys is.

`n Ander ding wat waargeneem is, is dat in die Swart dorpie die swartes nog *khulekela*. Wat egter hier treffend is, is die manier waarop hulle *khulekela*. Die manier waarop hulle dit doen, is totaal verskillend van die wyse waarop dit jare gelede gebruik is. Soos dit waargeneem is, sê hulle nou “*qoqoqo!*” of “*knock-knock-knock!*” as hulle *khulekela*. Dit laat die indruk dat hulle dit nog in hulle hêd dat hulle swart mense is wat moet *khulekela* as hulle iemand anders se werf binnekom. *Khulekela* soos dit reeds beskryf is, kan maklik met klopperij verwar word. Dit is dan `n verskeidenheid wat maklik tot misverstand en stereotipering kan lei. Die Isizulumoedertaalsprekers, byvoorbeeld, roep (*khulekela*) by die hek of `n afstand bietjie ver van die huis af, om die aandag van die gasheer te trek. As `n manlike persoon `n ander een se werf sommer binnekom sonder om te *khulekela* dan kan hy maklik, en met reg, as onopgevoed of ongekyllerd of onbeskof beskou word.

Op die plattelande, kort nadat die vreemdeling die werf of die huis binne gekom het, sit of hurk sy neer as dit `n vroulike persoon is, of haal hy sy hoed af, as dit `n manlike persoon is. In hierdie stadium wag hy/sy vir iemand, die gasheer om hom/haar te kom groet. Die gasheer moet eerste groet. Soos hulle dit beweër, is dit reg vir die gasheer om eerste te groet. Hulle voel dit is die manier waarop die gasheer die vreemdeling/aankomeling verwelkom. `n Vroulike persoon kan nie regop binne `n ander persoon se werf staan nie. Soos reeds gesê is, gaan sit sy voordat sy gegroet kan word. Wat in die werklike situasie opgeneem is, is dat beide die interkulturele en intrakulturele pragmatiese oordragte hier plaasvind. Die vrouens wat geleerd is en ook diegene wat van die dorpe afkomstig is, vind dit swaar of totaal ontmoontlik om sommer te gaan sit as iemand haar/hulle kom groet, veral as dit `n manlike persoon is wat haar kom groet. Al hierdie verskynsels maak taalonderrig, in die algemeen, maar spesifiek T-2 onderrig `n groot noodsaaklikheid want dit sal en kan, op die ou einde, kompetente kommunikasie tussen verskillende taalgemeenskappe bewerkstellig.

4.6. Data-insameling

In hierdie ondersoek is, onder andere, van die etnografiese metodologie gebruik gemaak. Hierdie metodologie was die beste om vir die spesifieke projek te

In hierdie ondersoek is, onder andere, van die etnografiese metodologie gebruik gemaak. Hierdie metodologie was die beste om vir die spesifieke projek te gebruik. Basies, moes daar met die Afrikaans-moedertaalsprekers gemeng en geïnterageer word. Dit het geen probleem veroorsaak nie, want ek bly op die dorp saam met hulle. Die interaksie tussen ons is 'n alledaagse ding. Anders gestel, hierdie metodologie het goed vir my gewerk, want daar was geen distansie tussen die navorser, en sy proefpersone nie. Hierdie metodologie is egter tydrowend. Dit was nogtans geen probleem nie want ek het genoeg tyd gehad om hierdie ondersoek te doen.

Die etnografiese metodologie kon egter nie maklik onder die Isizulu moedertaal-sprekende proefmense gebruik word nie. Ek is deel van hierdie taalgroep. Ek kon myself nie totaal van hierdie groep afsonder om data op 'n objektiewe manier te versamel nie. Observasie was my oplossing gewees, dit wil sê, in 'n sekere mate.

Die ander metodologie wat gebruik is, was die Diskoersinvullingstoets. Die data wat met die gebruik van hierdie metodologie ingesamel is, is vir my nie natuurlik nie. Die rede waarom ek dit sê is die feit dat hierdie metodologie die respondente kondisioneer om op 'n sekere manier te respondeer. Dit het egter gehelp om data vanaf die mense onder wie geen ander metodologie kon werk nie, in te samel; dit wil sê, soos in paragraaf 2.3.3. gesê is.

4.7. Die T2 -Onderrigimplikasies

Die feit dat wat Wolfson "The Bulge" genoem het, nie groot is tussen die Afrikaans en die Isizulumoedertaal sprekendes nie, suggereer dat T2-onderrig tussen hierdie twee taalgemeenskappe 'n groot noodsaaklikheid en moontlikheid is. Dat een taalgemeenskap die ander se bestaan en kulturele verskeidenheid aanvaar, het groot positiewe implikasies. Iets wat hier positief is, is die feit dat een taalgroep die ander taalgroep as Suid-Afrikaanse medeburgers beskou en aanvaar. Daardie tydperk van apartheid en die slegte opvoeding wat daarmee gegaan het, is nou verby. Die huidige tydperk is die tydperk van vergiffenis en versoening. Die tale van die verskillende taalgemeenskappe moet in die proses en gees van vergiffenis en versoening gebruik word. Maar vergiffenis en

versoening word deur wederkerige verstand tussen die twee (of meer) groepe voorafgaan. Verstand aan die anderkant, word deur kompetente kommunikasie voorafgaan. Ons gebruik taal om te kommunikeer. Om kompetente kommunikasie te bewerkstellig, moet een taalgemeenskap die ander se taal leer. Dit suggereer T2-onderrig. Die klem moet egter, soos Ridge [1992: 95] dit stel, gelê word op wat die taalleerder met die taal moet en kan doen. Dit, op sy eie, kan die probleme van die interkulturele misverstande oplos, aangesien dit baie inligting ten opsigte van die verskeidenheid van sosiolinguistiese gedrag versprei. Hierdie inligting moet vrylik beskikbaar wees. Die poging van hierdie ondersoek is om die inligting ten opsigte van die waardesisteme van die Isizulu- en Afrikaanse taalgemeenskappe te gee. In die werklikheid is vasgestel dat die probleme van misverstand en stereotipering nie noodwendig interkultureel is nie. Dit is dikwels intrakultureel. Soos in hoofstuk 3 geïllustreer is, waar die volwassenes van beide taalgemeenskappe verskille in hulle taalgebruik het, veroorsaak dit geen probleme nie, aangesien hulle (die volwassenes) helder bewus is van hulle taalverskeidenhede. Die probleem van misverstand kom tussen hulle(die taalgemeenskappe) en hulle jeugdiges voor. Die teorie van relatiwiteit waarvan ek in hoofstuk 2 gepraat het, is ter sake; dit wil sê, die sosiolinguistiese relatiwiteit.

4.8. Slot

Ten slotte kan dit gestel word dat groetgedrag 'n klein gedeelte van die interaksie tussen gespreksgenote vorm, maar om iemand korrek en gepas te groet, is van die uiterste belang. Dit is so want die verdere interaksie word deur die manier hoe die spreker die aangesprokene gegroet het, bepaal. Volgens Krivonos en Knapp [1975: 115] is mense nie altyd bewus van die belang van die groetroetines nie. Hulle beweer, ons, die moedertaalsprekendes, raak bewus van die belang van die groetroetines eers wanneer iemand 'n groetnorm oortree. Soos reeds hierbo gesê is, het dit groot T-2 implikasies.

4.8.1. Die Handboek en Taalleer

Vir die T2-leerders is taalhandboeke baie belangrik. Maar om die handboeke sonder 'n mate van blootstelling te gebruik, kan nie genoeg wees nie. Volgens Globler M.J [1995:33] is dit, veral die T2-leerders wat dan

“...geykte en formele groettoetines wat opgeteken staan in taalleerhandboek, aanleer en gebruik en as gevolg daarvan negatief gestereotipeer word”.

So kan `n té formele groetwyse in `n informele situasie as onvriendelik ervaar word. Wanneer `n persoon met `n lae status `n aangesprokene met `n hoë status informeel groet, kan dit as disrespekvol geïnterpreteer word. Negatiewe oordele as gevolg van die kruiskulturele misverstand kan, volgens Wolfson [1989: 15] toegeskryf word aan pragmatiese wankommunikasie:

“...the inability to understand what is meant by what is said.”

Formele T2-onderrig, dit wil sê, binne die vierhoekige klaskamers, kan die T-2 leerders nie help nie om die T2 binne sy sosiale konteks te gebruik nie. Blootstelling aan die taal, soos dit reeds gesê is, is die uiterste oplossing van die probleem van taboes, waarde-oordele, die omvang van steurnis en kruiskulturele skattings van relatiewe mag of sosiale afstand. `n Afrikaans moedertaalspreker sal byvoorbeeld in die verbygaan toepaslike groetwoorde gebruik om Isizulu moedertaalsprekende aangesprokenes te groet, net om uit te vind dat dit taboe is in die Zulu-kultuur, wat vereis dat `n mens moet stilstaan en die welstandsbevraging in die meervoud moet doen om beleefdheidshalwe ook die persoon se gesin in te sluit. Die gevolge van die sosiolinguistiese wankommunikasie is ernstig. Wolfson [1989: 25] beweer, alhoewel moedertaalsprekers eers van sosiolinguistiese reëls bewus word wanneer die nie-moedertaal-sprekers dit oortree, reageer hulle baie negatief daarop:

“Tolerance of sociolinguistic violations is uncommon precisely because the rules are so much a part of unconscious expectations concerning proper behaviour.”

Al is die T2-handboeke mooi en belangrik, gee hulle glad nie aandag aan die reëls en die norme wat geld tydens die gebruik van die groettoetines nie. Die T2-onderrig is juis om die leerder se verwerwing van `n kommunikatiewe kompetensie te fasiliteer.

4.8.2. Blootstelling Teenoor Formele T2-Aanleer

Volgens wat hierdie ondersoek bevind het, kommunikeer Isizulu- en Afrikaans-gespreksgenote wat op die plase woon, relatief kompetent. Die Isizulu moedertaalsprekers op die plase praat wat, sonder twyfel, vrot Afrikaans genoem

Afrikaansmoedertaalsprekers gewoonlik vrot Isizulu. Sonder enige invloed van buite die plase, lewe hierdie twee taalgemeenskape sonder enige vooroordeel, en stereotipering wat uit sosiolinguistiese wankommunikasie ontstaan.

Die probleem van stereotipering en vooroordeel kom veral voor by die lokasies en die dorpe waar die mense, veral die swartmense, gepolitiseerd is. Politiek het baie aspekte van die mense se lewe negatief beïnvloed. Dit is soos dit in Hoofstuk Een gesê is, die hoofprobleem wat opgelos moet word. Maar hoe los ons dit op?

'n Antwoord op hierdie vraag kan wees om die denkwyse van die lede van die twee taalgemeenskape te verander. Volgens die ou onderwysstelsel byvoorbeeld, moes Afrikaans, soos dit toe was, deur al die swart leerlinge geleer. Dit behoort voort te gaan. Aan die anderkant, dit wil sê, in die algemeen, is die Swarttale, Isizulu spesifiek, nie een van die vakke wat die Wit leerlinge, in die algemeen, die Afrikaans moedertaalsprekende leerlinge spesifiek, moes leer nie. Dit skep 'n vooroordeel of persepsie dat die witmense met hulle tale meerderwaardig is terwyl die swartmense met hulle kulture minderwaardig is. Soos in Hoofstuk Drie gesien kan word, gebruik die swart jeug wat op die lokasies en die dorpe woon, hulle moedertaal, Isizulu, nie meer nie. Hulle waardesisteme, lyk dit, ondergaan 'n proses van verandering. Die rigting van daardie verandering is tot die witmense se waardestelsels. Dit moet egter genoem word dat die laasgenoemde faktor nie die enigste een is wat die persepsie skep waarvan hierbo gepraat is nie. Daar is baie ander faktore. Taal, enige taal, sal egter altyd sentraal wees.

By die skole, dit wil sê, al die sogenoemde model-c-skole, is daar 'n groot aantal swart leerlinge. Daar is egter geen Swart taal wat in daardie skole geleer word nie. Dit moet verander. Die KZN jeug van al die taalgemeenskape moet kans gegee word om mekaar se tale te leer. Isizulu, soos dit met Afrikaans gebeur, moet in elke KZN-skole beskikbaar wees. Hierdie twee taalgemeenskape kan op hierdie gebied, nie mekaar weggee nie, dus moet ons leer om saam te lewe. Ons tale is basiese werktuie wat ons kan gebruik om daardie samelewing 'n moontlikheid te maak.

Bibliography

- Anthonissen, C. 1992. The relevance of speech act theory for research on the acquisition of pragmatic competence by second language learners. *Spil-Plus* 21: 278-295.
- Austin, J.L. 1962. *How to do things in words*. Oxford: Oxford University Press.
- Beukes, A.M. 1991. Language teaching and politics of language. *Journal for Language Teaching*. 25/4: 89-98.
- Brown, P. and Levinson, S. 1987. *Politeness: some universals in language usage*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Blum-Kulka, S. 1982. *Learning to say what you mean in a second language: A study of speech act performance of learners of Hebrew as second language*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Blum-Kulka, S., House, J. and Kasper, G. (eds) 1989. *Cross-cultural pragmatics: requests and apologies*. Norwood, N.J.: Ablex.
- Canale, M. and Swain, M. 1980. The theoretical basis of communicative approaches to second language teaching and testing. *Applied Linguistics*. 1(1): 1-47.
- Coffe, J.A. 1990. Hoe groet ons mekaar? *Tydskrif vir volkskunde en volkstaal*. 46(2): 44-46.
- De Kadt, E. 1992. Politeness and speech acts in Zulu. *South African Journal for African Languages*, 14(3) 104-109.
- Fairclough, N. (ed). 1992. *Critical language awareness*. London: Longman.
- Fraser, B., Rintel, E. and Walters, J. 1980. *An approach to conducting research on the acquisition of pragmatic competence in a second language*. In Larsen-Freeman, D. (ed) 1980: 75-91.
- Giffon, K. and Patton, B.R. 1971. *Fundamentals of Interpersonal Communication*. New York: Harper and Row.
- Goffman, E. 1971. *Relations in Public*. New York: Harper Colophon Books.
- Globler, M.J. 1995. *Groetroeties in Afrikaans: 'n Etnografies-georiënteerde dataversamelingsprojek onder onderwyspersoneel van 'n Afrikaansmedium hoërskool*. Natal University: Durban.
- Holmes, J. 1992. *An introduction to sociolinguistics*. New York: Askew Miller. Longman.
- Hymes, D., 1972. *On communicative competence*. In Pride and Holmes. (eds) 1972: 269-293.

- Janks, H. and Ivanic, R. 1992. *Critical Language Awareness and emancipatory discourse*. In Fairclough, N. (ed): 305-331.
- Kendon, A. and Ferber, A. 1973. *A description of some behaviour greetings*. In Michael, E.P. and Cook, J.M. (eds).
- Kok, H.S. 1995. *Groetroeties in Afrikaans: 'n Etnografies-georiënteerde dataversamelingsprojek onder skoolbeginners by 'n Afrikaanse laerskool*. Natal University: Durban.
- Khumalo, R.S. 1995. *Uphoko. Umqulu I*. Pietermaritzburg: Reach Out.
- Krashen, S.D. 1982. *Second language acquisition and second language learning*. Oxford: Pergamon Press.
- Krashen, S.D. 1982. *Principle and practice in second language acquisition*. New York: Pergamon Press.
- Krashen, S.D. 1984. Immersion: Why it works and what it has taught us. Pp.61-64 In Stern, H.H. (ed.): *Fundamental Concepts of Language Teaching*. Oxford: Oxford University Press.
- Krivonos, P. and Knapp, J.M. 1975. Initiating communication. What do you say when you say hello? *Central States Speech Journal*. 26: 115-125.
- Le Roux, C. 1992. The problem of ethnocentric bias in speech acts studies: Implications for language teaching. *Spil- Plus* 21: 296-323.
- McDermott, R. 1977. Social relations as contexts for learning in school. *Harvard Educational Review* 47: 198-213.
- Potgieter, M.A. (Ed.) 1993 *Standard Encyclopedia of South Africa*. Cape Town: NASOU
- Ridge, E. 1992. Communicative language teaching: Time for review? *Spil-Plus* 21: 95-108.
- Robertson, A.H. 1982. *Human Rights in the world: an introduction to the study of the international protection of human rights*. Manchester: Manchester University Press.
- Searle, J.R. 1965. *What is a speech act?* In Black (ed.) 1965: 221-239.
- Searle, J.R. 1969. *Speech acts: An essay in the philosophy of language*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Thomas, J. 1983. Cross-cultural pragmatic failure. *Applied linguistics* 4: 91-112.
- Ulrych, M. 1992. *Translating Text: From theory to Practice*. Genoa: Sideb Rapallo

- Van der Berg, D.Z. 2004. *Cultural conceptions of language*. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens die Language and Culture Conference. University of Stellenbosch. 07 September 2004.
- Van Jaarsveld, G.J. 1985. Hallo en Koebaai! Semantiese dimensies en gespreksrituele. *Acta Academica*. Nuwe Reeks B. (Nr 2): 208-225.
- Van Jaarsveld, G.J. 1988. Goeiemôre, Good morning, Kgotso, Dumela, Sawubona: Opening routines and misunderstandings. *Suid Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*. 6(1): 93-107.
- Wierzbicka, A. 1991. *Cross-cultural pragmatics: the semantics of human interaction*. Berlin, New York: Mouton de Gruyter.
- Wolfson, N. 1976. Speech events and natural speech: some implications for sociolinguistic methodology. *Language in society*. 5(2): 189-209.
- Wolfson, N. 1988. *The bulge: a theory of speech behaviour and social distance*. In *Second Language Discourse: A Textbook of Current Research*, (ed) J. Fine. Norwood. NJ: Ablex.
- Wolfson, N. 1989. *Perspective: sociolinguistics and TESOL*. Norwood: Newbury House.
- Wood, M. 1992. *Expressing gratitude in Zulu: A speech act study emphasising communicative competence*. In Herbert, R.H. (ed) 1992: 265-276.
- Zeleny, R.O. (Ed.) 1992. *The World Book Encyclopedia*. Chicago: Nault